



KLYN BEGIN—ANHOU WIN

DEEL I. No. 8.]

OCTOBER, 1896

[4s. PER JAAR.

INHOUD.

FOOR HONDERD JAAR EN NOU.—(Ons sprak.)
 DI KONINGIN VAN SERRA.—Tweede Deel.—I. Di
 Parady in Middel-Afrika.
 FOOR HONDERD JAAR EN NOU.—(Ons sprak.)
 JAKOB PLATTJL.—V. Di Poes by Ganskraal.
 NEEF ROELF.—(Godig.)
 PRATJIS O'ER DI NATUR.—Di Jaargetye.
 DI ROOSKNOPPI.—III. Donkere Wolke.
 HON WONDERLIK ONS GEMAAK IS.—II. On-
 onloop.
 OOM GERT EN SYS GRAAF.—(Godig.)

'N SE-STORI.—(Beloonde Byawing: 2de prijs.)
 KAROOLS, DI WYUWKAAN.
 GASELLIGE TYPERDIJYE.—Oplossing van vroegere
 Rasisels.—Nuwe Rasisels.
 OOM HENDRIK EN DI TIEP.
 PRYSERAGE.—Uitslag van "Foer 100 Jaar en Nou,"
 en van Afrikaanse Woorde.
 GEBERTYD MET ONS LIESERS.
 RAAD AN OOM KLYNTJL.—(Godig.)
 WAT IS DIT? PERIODYK 'S 20001.



M. Glassberg's
PHOTOGRAFISCHE ATELIER
 te Paarl en Worcester
Markt Plein. Buitel Straak.

WAARBORGEN BERSTE KLASSE PORTRETTEN TEREN 2000 BILLEN
 PRYSEN.
 GODE PORTRETTEN VERMEUW EN VERHOOT TOT LEVENSGROOTE.
 I SCHILDERIJLYSTEN I
 VAN BEMID VERMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.
 SPECIALITEIT: VERGROOTE PORTRETTEN.
 ALLE WERK WORDT GERAAKBOUW EIGENHANDIG TOE ZIJN.



Gedenkskool van di Hugenote,

IN DAL JOSAPHAT,

DIST. PAARL.

Hoofonderwyser	-	-	-	Ds. F. S. DU TOIT.
Assistent	-	-	-	D. J. BRINK, J.zn.
Musik Onderwyser	-	-	-	ROCCO de VILLIERS.

VAKKE VAN ONDERWYS:

Uitleg van di Bybel, Bybel Geskiedenis, Gereformeerde Kerkleer, en wat verder nodig is om di jeng klaar te maak ver di anneming as lede van ons Kerk, Hollans, Engels, Latyn, Grieks, Aardrykskunde, Syferkunde. Algebra, Meetkunde, Algemene Geskiedenis, Kerkgeskiedenis, Geskiedenis van Suid Afrika en Engeland, Teken, Musiik op Klavier, Harmonium, Viool, ens., Sangkuns en onse Psalm en Gesang note, Skoolbestuur, ens., ens.

Di Gedenkskool is veral gestig is 'n *gedenkteken* om di nagedagtenis van di Hugenote Voorvaders in eer te hou by hulle afstammelinge.

Al di *onderwys* daar is gevolgelik gegrond op di Bybel en Belydenis Skrifte van ons Kerk, as di fondament van alle degelike onderwys.

Di *doel* is om al onse Afrikaanse kinders 'n opvoeding te gé na hulle omstandighede en behoefte.

Di Koeleerlinge loseer by di onderwysers en staan onder hulle strikte toesig en sorg.

Di betaling is £30 per jaar alles ingeslote, skoolgeld, logies, was en stryk, ens.

Engels word gelyk op in di Gedenkskool geleer met Hollans.

Di kinders wat lus het om examens te maak, word voorberei ver di *Elementaire* en *Hoger Skool* Examens, ook ver di *Onderwysers Examen* en *admissi* ver di *Normaal Skool*.

Kinders wat na di Skool kom, moet by *Lady Grey Brug* Staa afklim.

Verdere besonderhede is verkrygbaar by di *HOOFONDERWYSER*, of by di *Sekretaris*,

Mnr. IZAK S. PEROLD, Dal Josaphat, Paarl.



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, OKTOBER 1896.

[No. 8.

Inhoud.

FOOR HONDERD JAAR EN NOU.—(Oupa Spreek) ...	145
DI KONINGIN VAN SKEBA.—Twede Deel.—I. Di Paradyds in Middel-Afrika ...	146
FOOR HONDERD JAAR EN NOU.—(Ouma Spreek) ...	150
JAKOB PLATTJ.—V. Di Fees by Ganskraal ...	151
NEEF ROELF.—(Gedig) ...	153
PRATJIS O'ER DI NATUUR.—Di Jaargetye ...	154
DI ROOSKNOPPI.—III. Dookere Wolke ...	155
HOE WONDERLIK ONS GEMAAK IS.—II Di Bloedsomloop ...	157
OOM GERT EN SYN GRAAF.—(Gedig) ...	158
'N SE-STORI.—(Befronde Pryspraag) ...	159
KAROOLS, DI WEWENAAR. ...	163
GESLIGTE TYDFERDRYF.—Oplossings f'n vroegere Raaisels.—Nuwe Raaisels. ...	163
OOM HENDRIK EN DI TIIR ...	164
PRYSFRAGE.—Uitslag fan "Foor 100 Jaar en Nou," en fan Afrikaanse Woorde ...	165
GESELSERY MET ONS LESERS ...	166
RAAD AN "ONS KLYNTJI" ...	168
WAT IS DIT? 'N PERD OF 'N SPOOK? ...	168

Foor Wonderd Jaar en Nou.

(BEKROONDE PRYSFRAAG).

(Oupa spreek.)

Toen Ouma getrou het—dis dik wils ferteld
 Toen was dit in Afrika anders gesteld.
 Hul praat fan Fooruitgang, di jonge ges'ag ;
 Mar dis Agteruitgang, as jy dit betrag.
 To'n werk elkeen flytig fer syn stukki brood,
 En roep tot di Hére in foorspoed en nood.
 Mar nou is daar wynig wat nog werk met flyt ;
 Elk soek na ferstrooiing en mors met di tyd.

Fan handel en kwansel wil elkeen bestaan ;
 Kan hy mar syn sak ful, wat gaan hom dit aan ?
 In handel word eerlikhyd skaars nog gekend,
 En nimand bemerk dit, jul word dit gewend.
 Lees mar di Fandisiis in enig koerant,
 Wi glo soos dit daar staan ? Gen mens fan ferstand.
 Hy lees : " Honderd perde—'preg—gedresseerd "
 Hij kom daar, dis knolle, brand ma'er, ongeleerd.
 Daar staan : " Duisend skape (daarby) Eketra Fet."
 Hy kry daar feul minder, en slazbaar mar net.
 Daar's nimand wat nou Adfertensiis meei glo.
 Mar wi neem dit kwalik ? Hul diik dit hoort so.
 Toen kan jy feul meer op 'n man se woord gaan,
 As nou op kontrakte waar getuige by staan.
 Toen sou nog gen mens jou gefop het, mar nou
 Kan jy self jou fader of 'r oer ni fertron.
 Toeu was daar nog lifde en waar godsdiinssin,
 En Gods hylige woord neem di eerste plaas in.
 Mar nou lé di Bybel in d' kas opgesluit,
 En kom daar heel selde of nooit ni meer uit.
 Behalwe as Meneer kom huisbesoek hou,
 Dan kry hy di kans om di lig te anskou.
 Fan " novels " en " songs " is di boekkrakke fol.
 En daardeur di jongfolk se koppe op hol.
 Di modes, geleerdhdyd en hoogmoedighdyd
 Neem nou di plek in fan di nederighdyd.
 Toen ry hul na kerk toe om Gods woord te hoor
 Met di bokwa en met di span rooi osse foor.
 Nou ry hul met " spider, " twe hingste daarfoor,
 En ni om Gods hylige woord daar te hoor ;
 Mar wel om di nuutste toilet te kom wys,
 Gelat kom fan di Kaap fer 'n weergase prys.
 Toen dra hul 'n hoed, broek en batji fan fel ;
 Nou lakensa broek met 'n kyl en manel.
 Toen was elk in syn stand tefrede en bly,
 En nimand, hoe arm, het di ryke beny.
 Di boerseuns hul hande was grof fan di werk,
 En di kerels was kragtig, gezond, fluks en sterk.
 Nou leer hul in skole di Engels gebrou,
 Of stap in di straat soos 'n mannetjús pou,]

Met handskoene an, sigarete in di bek,
 Bouky foor di bors, en 'n das om di nek,
 Terwyl hy lafendel so ryklik gebruik,
 Dat j' bokand di wind hom 'n myl fêr kan ruik ;
 Om ni eens te praat, as hy soms wil gaan fry,
 Fan di hingste en kar waar 'n groom dan mé ry.
 Di nointjiis het toen nog gewas en gestryk,
 Di koele gemelk, na di potte gekyk.
 Nou sit hul klafiir speul en sing fer hul hees,
 Of lê op hul rug in 'n "novel" te lees,
 Of staan foor di spi'el fer haar self te bekyk ;
 Trek haar mond op 'n plooi, om te siin hoe dit lyk.
 Toen kom di famili met elk nuwejaar
 Fan fêr en naby op een plek by makaar,
 En dan ken di frengde gen paal of gen perk ;
 Want almal is frolik, gen een dink om werk
 Nou gaan ons rond flenter, mar stuur an makaar
 Mooi kaartjiis met wense fan seen fer di jaar ;
 Mar tog gaan ons hart met di wense ni saam.
 Ons stuur wel di kaartji, mar ret fer di naam.
 Toen was hul tefrede met 'n ruwe klyn huis
 En mama-kook buite nog, sonder kombuis.
 Nou is ons reeds an palyse gewend,
 Met pragtige, kosbaar en fraai menbelment ;
 En ma moet 'n "stove" hê, na d' heel nuutste smaak,
 In d' Kaap of di Baai, né in Swede gemaak.
 Toen maak jy jon warm by 'n stoof of 'n pan,
 Met kofe daarin, net so goed as jy kan ;
 Nou moet daar 'n Engelse kaggeltji staan,
 Gordyntjiis daarfoor en 'n strikki daaraan.
 Toen het nog di kinders kaalfoete geloop ;
 Nou word fer hul blinkere skoentjiis gekoop.
 Pa steek saans 'n doppi en stap di kooi in,
 En smorrens op weer, foor hy iits gaan begin,
 Nou lê di jongkerels dronk in di kantiin
 En bakly en biljart speul dis al wat jy siin.
 Toen spreek hul makaar an as Niggi en Neef
 As Oom en as Tante ; want dit lyk bele f ;
 Mar nou is dit Mister net al wat jy hoor,
 En Missiis en Miss kom daarna en daarfoor.
 Want toen 't hul makaar mos nog liifde bewys,
 Mar nou is dit alleen so koud as di ys.
 Toen hang knapsakkiis geld an di hanebalk fas ;
 Mar nou is di beurs leeg en d' plaas is belas.

M. H. NESER.

AN INTEKENAARS EN AGENTE.—Ons stuur an alle
 Intekenaars 'n orige nommer, om daarmé 'n nuwe
 Intekenaar by te wen. Denk daaran as elke Inteke-
 naar mar een bykry, dan is ons getal verdubbel.
 Agente wat ver ons 12 of meer nuwe Intekenaars
 stuur met di Intekeningsgeld, kry ver di jaar syn
 Klyntji verniit.

Di Koningin fan Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

Di eerste Deel ferhaal hoe ons onder Simbabwe 'n
 rol ontdek, geskrywe deur Ellihoref, Salomo syn gehym-
 skrywer en prins gemaal fan di Koningin fan Skeba, waar-
 in megedeel word dat hy di geskiedenis fan di ryk beskry-
 we het en dat di beskrywing same met grote skatte ferberg
 is onder di berg Afoer by di gebalsemde lyke fan di
 Koninginne. Op anwysing fan di Molimo kry ons di berg
 ten noordweste fan Tati en onder di berg di grafkelders en
 lyke en oek 3 perkament rolle. Di tweede deel befat di
 inhoud fan di rolle en ons ferdere ontdekkings en befin-
 dings.

TWEDE DEEL.

I.—DI PARADYS IN MIDDEL-AFRIKA.

'n Tydelike Ferblyf in di Woestyn.—Di Werk en
 Befindings fan een Dag.—Di Afgronds-Kamer en
 syn Inhoud.—Di beskadtigde Rolle.—Waar di Paradys
 gelê het.—Di 4 Rifsre, di 3 Mère en di Maanberge.—
 'n Stuk Geskiedenis foor di Sondestoed.—'n Aand-
 Gesprek.—Plan fer 'n Rys fan di Kaap na Kairo.

DI follende oggend het ons mar 'n bitji laat
 geslaap, nadat ons amper di hele nag deur-
 gebreng het met ons ondersoek fan di grafte
 onder di kop. Terwyl ons koffi drink en 'n stukki
 kos maak fer agtuur bespreek ons nou ons planne fer
 di toekoms. Ons siin nou dat ons 'n hele tydji hiir
 sal moet bly fer ons ferdere ondersoekings, en di reent-
 tyd kom an. Daarom besluit ons om ons kamp te
 ferplaas na 'n plek bosse omtrent in di middel tussen
 di ingang fan di grafte en di water-fywer. En daar
 sal ons dan fer ons 'n tydelike huisi fan pale maak en
 met gras dek ; want dis mar moeielik om in 'n wa te
 loseer en feral te skrywe.

Tog was ons te nuuskirig om ons ferdere ondersoe-
 kings fer 'n enkele dag te staak. Ons ferdeel dus di
 werk. Neef Hendrik en Neef Gideon sou fortgaan
 om di onderaardse grafkelders een fer een te onder-
 soek. Ek sou angaan om di perkament-rolle wat ons
 gekry het te fertaal. Henni moet pale kap fer ons
 huisi of pondok. Umsalomi moet dit andra en
 inplant onder mijn anwysing. Klaas moet na di osse
 kyk en meteen gras sny om ons huisi te dek. Umsa-
 lomi was meteen di dekker, en hy moes di bas fan di
 bome aftrek waarmé di Kaffers gewoonlik hulle strui-
 se dek.

Ek sal nou mar begin met ons befindings fan di eerste dag. Nadat ons agtuur ge'et het gaan elkeen éwe iwerig na syn werk. Henni en Umsalomi had al 'n plek nitgedenk waar hulle di beste pale kan kap en stryk weg met di byle s'entoe. Klaas weet oek al waar hy di gras moet sny. Met Neef Gideon en Neef Hendrik het ek afgespreek dat hulle mar diselfde orde moet folg soos ons di forige nag geloop het, dus fan onder af, en moet perbeer om mar so goed as hulle kan aftekenings te maak fan di skilderinge an di mure; want ons kan gen portrette daarfan neem by di kerslig ni.

Toen almal weg was maak ek fer my 'n skryfplek reg in di tent langs di wa, en haal di 3 perkamentrolle uit, om te begin fertaal. Nou moet ek eers uitfinde hoe hulle op makara folg. Myn hart klop fan gespanne ferwagting by di ope maak fan di historise skatte. Ek kon nou iits daarfan ferstaan hoe di Duitse geleerde Tischendorff gefoel het, toen hy di aand in di Klooster bo op di beg' Sinai di oue handskrif fan di héle Nuwe Testament ontlek het. Di ferhaal is dat hy di nag nooit geslaap het fan blydskap ni. En hiir is nou gedenkskrifte uit Koning Salomo syn tyd, amper 3 duisend jare oud, en wel wat betrekking het op *onr* land en op di oue myne en boufalle waarfan ons so graag di werkelikhed wil wert.

Mar alles op di wêreld moet tog mar onfolmaak wees, en elke g luk en foo spoed het 'n stukki teleurstelling oek. Wat was myn spyt groot toen ek by ope rol fan di rolle ontdek dat hele parte daarfan beskadig en onleesbaar is! Di ding is. soos di lesers weet het ons di rolle in di bo'enste kamer gekry, en di is in di middel fogtig deur di reen wat by di luggat fan bo af inspat; en di fogtighed fan di lug het di rolle by plekke laat fermuf, sodat di perkament self half ferrot en di skrif op sulke plekke onleesbaar is.

Tog is dit fer di grootste gedeelte nog goed leesbaar. Dis mar meer by di begin wat hulle beskadig is. Di leser moet sig nou 'n rol foorstel: 2 omslage by di foeg waar di koker waar dit in was sluit is beskadig; dus di begin is onleesbaar, dan is di ferdere omgang n di andere kant weer leesbaar, en di twede omgang teeno'er di foeg weer onleesbaar. Dit maak dit toen al moeielik om nit te finde watter di eerste rol is. Sodra ek dit uitfinde het gaan ek and, fertaal. Ek gé natuurlik so goed as ek dit kon ontsyfer; mar met di onduidelikhed fan di skrif hiir en daar, en met di gebrekkige hulpmiddels wat ek tot myn beskikking had, kan elkeen wat di moeilikhed ken om oue dokumente te fertaal self begryp, dat ek myn fertaling ni fer onfylbaar kan gé ni. Wat tot ferduideliking nodig was het ek oral tussen hakiis [] ingelas

Di frinde het elkeen 'n bitji biltong en biskuit met water megeneem fer di dag, om gen tyd te ferliis ni. Amper son-ouder kom Henni en Umsalomi elkeen met 'n drag pale an. Ek had toen al merke gemaak waar Umsalomi di gate moes maak fer di pale, waar-an hy toen oek begin. Henni moes fer ons 'n stukki

kos gaar maak fer di aand. Mar by kom eers kyk wat ek gemaak het.

"o Liwe tyd! di ou rol is frot! Ek het mos fer julle gesé dis somar fullis en bog." So begin hy.

"Né, wag mar, Henni, dis daarom ni alles frot ni, Ek sal fer julle fannaand foerlees wat ek fandag in di ou rol gekry het. Dan sal jy ferbaas wees,"—laat ek daarop folg. Ek won mar fan hom af wees; want ek moes nog enige woorde fertaal om by di twede plek te kom waar di rol beskadig is.

"En waar is oom Gideon en Oom Hendrik nou met hulle skatte, wat hulle daar in di gate sou gaan uithaal?"

"Wag mar, Henni, hulle sal wel net nou kom en wi weet wat hulle alles same breng! Gaan braai nou mar ons flys en maak té fer ons. Altemit moet ons nog fa naand gaan help om al di skatte uit te dra."

En terwyl Henni weg stap om te gaan kos maak brom hy nog: "Ek glo net niks fan di ou rol en di skatte ni; en ek sal feras oek ni weer daer in di fermufte gate by di dooi mause gaan inkruip ni."

Ek was nog besig met di laatste sin te fertaal toen Klaas ankom met di osse en 'n drag gras, en fertel daar is 'n klomp groot wild naby. En dadelik was Henni klaar om morre fer ons te gaan wild skiit fer fars flys. En kort daarna kom Neef Gideon en Neef Hendrik oek an.

"Waar is nou julle skatte?"—skré Henni, eer hulle nog by di wa is.

"Wag mar, Henni," sê neef Gideon, "ons wa sal nog swaar gelaai worde fan al di skatte."

"Né, oom Gideon, ek gaan mar morre begin wild skiit, dan kan ons di felle meneem, dan het ons tog iits, en anders is ons kos oek naderhand op."

Na nog enige grappiis en een en ander dingetji reg gestel te hé, gaan ons nou sit rondom di faur (dis nou oek al skemerdonker) en ons begin gesels o'er ons befindings fan di dag. Neef Gideon en Neef Hendrik het net di onderste kamer onder di kop noukeurig ondersoek. Di eerste is, di floer onderin is hobbelagtig en onklaar. En hulle het orals rond gestamp om te hoor of daar gen hol plekke is, waar iits kan begrawe wees ni, mar hulle het niks gekry ni. Toen het hulle rondom teen di mure oek gestamp en bekyk, mar hulle kan oek ni uitfinde, dat daar opsy 'n uitgang is ni.

Daarop het hulle di skilderinge an di mure noukeurig bekyk. Daar is ni minder as 35. Een daarfan lyk nes 'n o'erstroming, en hulle gedagte is: dat dit di sondefloed moet foorstel. Di tekening is net by di ingang fan di kamer, en dit lyk of di foorstelling is, dat di stroom di mensdom afsleep in di onderaardse kamer. Een afbeelding fertoon 'n gees of godhyd met 'n weegskaal in di hand, blykbaar anduidende di wederfergelding hiirna fer elkeen syn dade wat daar geweerd worde. Ferder is di afbeeldings mar meesal soos dit lyk fan bose geeste. Enige daarfan het hulle afgeteken. Een daarfan gé ons hiir. Dit lyk na een fan di bose godhede fan di Egiptenare. Hulle noem

dit Taourt, en di meeste denk dit stel 'n sekoei foor wat op syn agterpote staan, met di fel fan 'n krokodil agter di rug af. Neef Gideon syn geslagte is egter (en dit lyk di fer my oek ni onwaarskynlik ni) of dit di bese foorstel met di stêrt fan 'n slang. Ons gé di tekening hiir :-



Nou is di fragg : wat moet di lege onfoltooide kamer, so diip onder di aarde, foorstel. Ek deel hulle toen mé dat onder di grote piramide fan Egipte oek so 'n kamer is, net so onfoltooid en dat di ferklaring fan Piazzì Smyth en andere ondersoekers is dat dit di bodemlose put, of afgrond moet foorstel.

Di afbeeldings fan di bese geeste, fan di weegskaal, ens. kom alles oek jo'ereen met di Egiptise leer fan di onsterfelikhed. Op ons fragg of daar gen afbeelding is wat di siilferbuising na di dood foorstel ni, meen di twe frinde dat daar wel enige o'ergange fan di siil fan di mens by di dood in andere dire foorstel. Di punt bly toen o'er fer latere ondersoek.

Mar nou wil hulle weet hoe fêr ek gekom het met di fertaling, en ek had oek al lus om te bespreek wat ek fertaal het, want in di dag het ek net so hard gewerk as ek kon om di deel wat ongeskonde gebly het tussen di twe geskonde plekke klaar te kry. Ons eet nou gers 'n stukki ; toen deel ek hulle mé dat di rolle gedeeltelik beskadig is, en terwyl hulle dit nog bekyk, met alle fersigtighed, wys ek hulle watter klyne stukki ek mar fertaal het di héle dag.

“Mar dán sal ons stok oud worde hiir, as ons moet wag tot al 3 rolle heeltemal klaar fertaal is,” sê Henni. “Né, ons kan ni so lank hiir bly ni. Julle moet net gou deur kyk waar di kastage skatte begrawe lê.”

“Wag, stop nou, Henni, laat ons nou hoor wat di oue rolle fertel,”—fal Neef Gideon in ; en ek lees toen sofêr as ek gekom het.

* * * * *

Bo op di hoogland, onder di lyn fan di son, lê 3 grote mére. Daar ferhef sig di Hor Lebanna [of Maanberg], di Wolkking, na di hemel, met eenige sneeu

op syn toppe en met eenige lente an syn voet. Daar neem di 4 grote rifire hulle oorsprong : di *Pison* [Sambesi], wat hiir na di snidooste deur di goudland Hafila, of land fan Poont [of Punt] loop, waar di welrikende betelu [mopani?] groef en waar di diamante begrawe lê ;—di *Gihon* [Nyl], wat fêr na di noorde loop deur di land fan Kus [Etiopi'e] en ferder af deur di land fan Mitsraim [Egipte] na di grote sé ;—di *Hiddekel* [Niger], wat heeltemal fan di oostekant om di swarte stanme loy tot in di sé an di noord weste ;—en di *Frat* [Kongo], di frugbare lewens-rifir, wat ook fêr in di weste in di sé loop. In di oostelike deel fan di hoog'and lê di frugbare flakte Eden, waar di son nooit ferskoei en di koue nooit ferteer ni, waar alle soorte frugte groei en allerhande dire léwe. Daar het Jawê Elohim [di Here God] di lushof geplant, en daarin h t Hij di eerste mense, Adam en Hawwa, di fader en moeder fan alle mense, geplaas, en daarfandaan af is al di geslagte fan mense afkomstig. * * * * *

Di kinders fan Set het by di omtrek fan di Paradys gebly en Jawê Elohim [di Here God] daar bly anbid en diin. Mar di kinders fan Ka'in [nadat hy fer Abel dood geslaan het] is eers oostelik getrek, en toen n ordelik met di Gihon [Nyl] af tot an di frugbare flakte fan Mitsraim [Egipte]. Daar het hulle stede gebou en t mpels fer di son en maan en sterre, en fer di dire en fer di geeste ; en 'n grote gedenkteken om di wyshyd en wetenskap fer di nageslag te bewaar [di Piramidi?]. Toen het Jawê Elohim [di Here God] fer di profeet Henog na hulle toe gestuur, om fer hulle te ferkondig dat Hij fer hulle sal straf as hulle ni ophou om di afgode te diin en di léwende God anbid ni. Mar hulle wou ni hoor ni. Toen het Jawê Elohim [di Here God] di Gihon [Nyl] di dal fan Mitsraim [Egipte] laat o'erstroom en een derde deel fan di mense en dire is ferdrink. En toen di o'erstroming begin wou hulle fer Henog fermoor. Mar Jawê Elohim [di Here God] het fer hom weg geneem, sodat hullê hom ni kon kry ni.

En di orige mense wat ni ferdrink is ni keer t rug tot hulle afgod ry. Hulle grawe kanale om di Gihon

[Nyl] af te ly as di rifuir wez afkom en bou weer tempels fer di afgode en fer di geaste en hulle het toen nog ferder afgehoerer tot onnatuurlike sonde. En di priisters fan di afgode kom toen na di kinders fan Set en ferly hulle oek tot afgodery. * * *

* * * * *

Met gespanne andag luister almal terwyl ek lees, tot Klaas inkluis Na 'n rukki stilte sê ek: "Di stuk ferhaal ons dus iits tussen di skepping en di sondefloed. Di foorpunt wat weg is het denklik di skepping beskrywe. Dan het ons nou hiir 'n nadere beskrywing waar di Paradys gelê het en hoe di mense fandaar ferdeel het. En dan makeer weer 'n stuk, wat waarskynlik di sondefal megedeel het. Wat ons dan ferder lees is in so fêr fan belang, dat di Hêre foor di sondefloed di mense ni alleen fermaan het deur Henog ni, mar oek gewaarsku het deur 'n o'erstroming fan di Nyl. Hiir is dus twé nuwe punte fer ons om 'n bitji o'er te gesels."

"Ja, en twé allerbelangrikste punte oek," sê Neef Hendrik. "Dis wonderlik, ek kon my nooit ferenig met di gewone opfatting dat di Paradys in Asi'e geleg het ni."

"Wel, hiir is di eerste bewys fer di juishyd fan di geskrif," was 'nyn opmerking. "Daar is tot nog toe gen plek op di aarde ontdek wat oek mar enigsnis beantwoord an di bybelse beskrywing fan di geaardhyd fan di land, waar di paradys gelê het ni. *Nergens is so'n hoogland waaruit 4 rifuire hulle oorsprong neem ni.* Daarom het di ferklaarders tot nou toe ni min rond gefal om di plek te soek ni. En hiir lê nou 'n pragtige hoogland waaruit di 4 grote rifuire ontspring; en in di ooste fan di hoogland lê di wonderbare, frugbare flakte, 3000 fiirkante myle groot, wat onder andere di ontdekkingsrysig Stanley so pragtig beskrywe, dat 'n mens buitendiin by di lees somar onwillekeurig terugdenk an di paradys. Hiir flak onder di sonnelyn ferhef sig di Maanberge, 18 duisend foet hoog, met eenige sneeu bedek, en selfs di grpte mere au di foete, fan di berge is nog 3 tot 4 duisend foete bo di séopperflakte; en an di hellinge fan di berge beskrywe Stanley plekke waar 'n eenige lente heers en waar di aarde altoos in weelderig groene gewaad fersuur is, en di pisangs en plantaan en andere frugte nou nog di heerlike frugte dra." (*In Darkest Africa*, II, bl. 294—298).

"Mar party oue skrywers ferklaar dit mos dat dit ni 4 rifuire is ni, mar 4 takke of arme wat naderhand in makaar loop as een rifuir, en dit wys hulle dan in Armeni'e of oek op ander plekke in Asi'e an," merk Neef Gideon op.

Mar hiir op was myn antwoord: "Elke mens kan siin dat di ferklaring mar gesoek is uit kan ni anders ni. Hulle kon in Asi'e gen plek kry wat an di beskrywing beantwoord ni, toen het hulle mar daar 'n lesing an gegé net flak di teenoergestelde wat daar staan. Want in plaas fan dat daar sprake is fan 4

spruite of hoofde wat tot een rifuir word, word daar juis gepraat fan een rifuir wat uit di hoogland fan Eden kom om di tain te bewater, en dat in di waterskyding of hoogland di bron is waaruit 4 rifuire hulle oorsprong neem, en dan word di 4 rifuire beskrywe hoe hulle deur aparte lande loop en di lande word oek beskrywe. En hiir is di twede bewys dat di beskrywing juis is: *di name en beskrywing fan di rifuire en lande waar hulle deurloop is hiir in Afrika fan toepassing en nergens anders op di wêreld ni.*

"Neem nou mar di bekendste fan di 4, di Nyl. Fereers noem di Abissini'ers nou nog di rifuir "Gihon," en di Kopte noem dit Kéon. Dan word nitrukkelik fermeld dat di rifuir deur di land Kus loop, waarin alle geleerde erken dat dit in Afrika lê, en wel Abissini'e is. Alle geleerde fan enige betekenis, insonderhyd di oue skrywers, erken dan oek dat Gihon di Nyl beteken. Daar kan hulle ni uitkom ni."

"Mar wat sê di oue skrywers dan daarfan?" fraag Neef Hendrik seer tereg.

"Wel, dis wonderlik hulle erken almal dat di Nyl di Gihon is wat Moses fan spreek. En dis 'n ander bewys fer di waarhyd fan di foorstelling dat di paradys in di hart fan Afrika gelê het. Di Egiptise oudhyd (wat di ander folke 'n duisend jaar fooruit is in geskiedenis-beskrywing) is eenparig op di punt. Di 70 fertalers fan di Oue Testament in Grieks het dit oek so opgefot follens hulle fertaling fan Jer. 2: 18. Di Arabire, wat na di Egiptenare di meeste handelsbetrekkings had met Afrika had dit oek so; Stanley gé baing anhalings uit Arabise skrywers. Di oue Kerkfaders had oek almal di opini."

"Mar hoe kry di latere ferklaarders dit dan reg as hulle di Paradys in Asi'e plaas, terwyl di Nyl tog syn oorsprong het in di hart fan Afrika?"—fraag Neef Hendrik ferder.

"Ja, dit was fer hulle mar 'n harde neut om te kraak. Hulle enigste nitflug was: di onkunde fan di oue mense met di aardrykskunde. Hulle wil dan fertel dat di oue mense so onkundig was om te glo, dat di Nyl syn oorsprong had in Asi'e, mar onderaards onder di sê deurkom na Afrika en dan so weer terug, en al sulke ongerymdhede."

"Né, mar dis tog te erg,"—sê Neef Hendrik; "want di Bijbel sê mos dat Mozes geleerd was in al di wyshyd fan di Egiptenare, en dit was mos 'n slim folk."

"Ja,"—was myn antwoord, "en dis nog di sterkste bewys dat di Paradys in di hoogland fan Afrika was: omdat al di ouste folke daarin o'ereenstem en hulle het meer geweest fan di aardrykskunde as di Grike en Romyne, fan wi ons later di wetenskap gekry het. Di Egiptenare was fer di andere folke ruim 'n duisend jare fooruit in geskiedenis-beskrywing, en follens hulle hi'erogliffe, of beeldskrif, wat nou eers ontsyfer word, en follens hulle afbeeldings, is hulle eenparige leer: dat hulle en di ganse menselike geslag afkomstig is ni nit di noorde, nit Asi'e ni, mar uit di suide, uit Afrika, en dat hiir di Paradys was, "di Heilige Land fan

Khent." Dit het 'n geleerde onlangs angetoon en tot nog toe het nimand fer hom kon weerspreek ni. (*Adams, The Drama of Empire, en The House of the Hidden Places*). En dat di 'oue Egiptenare goed geweet het waar di oorsprong fan di Nyl was, ja met di ligging fan di Maanberge en di 3 Mére goed bekend was, terwyl di wetenskap later heelbemaal ferlore geraak het, dit toon Stanley duidelik an met di oue kaarte en beskrywings. (*In Darkest Africa, II, bl. 267—277*). Hy toon ferder oek aan (bl. 278—288), dat di Arabire wat na di Egiptenare di meeste betrekings met Afrika had, en na hulle selfs nog di oue Portugese, ni alleen di denkbeeld had ni, mar oek nog tamelik goed di aardrykskunde fan Middel Afrika geken het. Mahomed bevoorbeeld, wat in elk gefal goed op di hoogte was fan di oue Arabise wetenskap, sê regnit in di Koran: 'Di Nyl het syn oorsprong uit di lushof fan di Paradys, en as jy dit sou ondersoek as dit uitkom, sal jy di blare fan di Paradys darin kry' Di getuigenis is des te merkwêrdiger, omdat Mahomed en syn werk in Asi'e was en hy liwers di Paradys in Mekka of Medina sou geplaas hê."

Henni wat al di tyd stil en éwe andagtig syn pyp sit rook het, fal nou in: "Arri, mar dan gesels daar di ou rol mos lekker. Wil julle glo, ek begin nou amper daaran te glo. Mar as di Paradys in ons land lê, laat ons dan liwers so'entoe ry as om hiir so lank te bly. Ek sal al te graag di plek wil siin."

"A ja, Fenni, ons kan amper so maak," sê Neef Gideon half spottend, "mar dan kan ons ni met di wa ry ni, dan moet ons met donkeys of kamele ry."

"Ja, ek het al lank so'n plan in myn gedagte, om 'n klompi flukse Afrikaners by makkaar te maak en 'n rys te maak, ni soos Stanley *dwaars* deur Afrika ni, mar *o'erlangs, fan di Kaap tot an Kairo,*" sê ek toen.

"Dan gaan ek seker same,"—sê Henni.

"En ek oek,"—foeg Neef Hendrik daarby.

"Dan moet baas fer my oek meneem,"—fal Klaas oek in, wat al di tyd andagtig sit luister het.

"Ja, mar dit sal ni so gou gaan ni. Ons sal eers fer ons goed moet klaar maak, en 'n maksim sal oek moet meggaan. Ek denk 12 flukse kêrels is genoeg: 'n paar geharde en erfare jagters, 'n goeie dokter, 'n bekwame landmeter, 'n geleerde wat o'er plante, delfstoffe, ens. kan o'erjeel, en dan Henni om te tolk en Klaas om spore te soek waar dit nodig is,"—was myn anmerkings, wat net in goeie aarde blyk te fal.

"Henni, jong, mar jou woordeboek sal gou uit raak as jy onder al di nasiis kom, tot di mensfreters inkluis, wat hulle oge op hulle groottone dra," foeg Neef Gideon in.

"Ag wat, Oom Gideon speel al weer; mar ek gaan al te seker same," sê Henni beslis.

"Mar gekhyd op 'n end; ons kan later daaro'er praat,"—fal ek toen in; "daar is nog 2 belangrike punte in di stuk wat ek fandag fertaal het, waarop ek julle wil wys. Di eerste is: dat onse liwe Here di mensdom foor di Sondefloed eers gewaarsku het deur n o'erstrooming fan di Nyl, waardeur een-derde deel

fan di mense ferdrink is, word bevestig deur di Boek fan Jasher (Boek des Oprechten, wat angehaal word in Josua 10: 13 en 2 Sam. 1: 18 en 19, en wat later ontdek en fertaal is). Daar lees ons (hoofstuk 2, vs. 3—6) omtrent diselfde wat hiir di rol sê, net baing uitfoeriger. En dis heel natuurlik oek dat di Here eers di mens gewaarsku het.—En di andere punt is, dat di grote piramide fan Egipte al foor di Sondefloed gebou is om di wetenskap fan di dage (wat feul ferder was as ons denk) te bewaar, daarin kom ferskye geleerde onderoekers, soos Piazza Smyth en andere o'ereen."

"Ja, mar nou gaan ek slaap, mar Meneer du Toit moet morre fluks fertaal; ek wil morre aand graag weer hoor wat daar di ou rol ferder fertel,"—was Henni syn slotrede. En weldra was dit oek doodstil by di wa, aimal in dipe rus.

Foor Honderd Jaar en Nou.

(Ouma spreek).

Foor honderd jaar was dit mos anders gewees;
 O! ou mense sê dit in droewige gees.
 Ons het toen meer liefde en frede gehad,
 Rooinekke se "nonsens" was toen ni in ons pad.
 Hoe lekker het ons ni di "ou tyd" geniit,
 O ja! baing soorte van dir geskiit.
 Nê, nou is dit anders, dis alles ferby,
 Di "ou tijd" is ewig fan ons ou gesky.
 Ek siin als is ferby, ek hoor nou niks meer
 Rooinekke se "maxims" en staal ko'el geweer;
 Dis al wat ek siin en dis al wat ek hoor.
 Ja di liefde en frede is nou glad fersmoor.
 Ag! waar lê di fout dat di dinze so kom?
 As ek daaro'er na dink dan raak ek fersom.
 Raai, weet jy hoe was dit in d' "ou tyd" gewes?
 En hoe dat 't gesteld was met jou pèrd en bees?
 e: waar hul geloof het daar was hulle fry:
 Nou ni meer, ons felde is nou mos gesky.
 O né di skut is daar, laat hulle o'ertrap
 U it jou hand word hul daadlik weggeskrap.

O waar is tog di oue dag?
 U it wemoed slaak ek di geklag.
 Moeit' en ferdriit is nou ons lot,
 Ag! waar is tog di freugd, myn God!
 So sukkel sukkel gaan ons aan,
 Pleisir en skoonhyd is fergaan;
 'k Roep nou mar net di Here aan.
 En hoop weldra na Hom te gaan.
 En straf Hy nou ons folk en land,
 Kus ek syn liwe faderhand.

STEPHANUS A. DU TOIT

Cloetes Pan, Strydenburg.

Jakob Plattji

OF

Sketse van Hotnots en Boesmans Lewe in Suid Afrika

DEUR

R. C. VAN WILLIGH,

Ex-Landmeter Generaal van Transvaal.

V.—DI FEES BY GANS MOND.

Di Ferjaardag fan Koos Vonk.—'n Fees by di Tente.—Hoe di Blanke dans en di Hotnots susp.—Weer Olikhyd na Frotikhyd.—Sketse fan Boesman Lewe.

AL langs Hartbees Rifiir af ry Koos Vonk. Syn wadywer was Adam Danster en syn walyer was Plattji. Di dag fan syn ankoms by Gans Mond was 'n merkwaardige dag, want dit was Koos syn ferjaardag. Hy reken toen uit dat hy juis 36 jaar oud is; dat hy 60 jaar kan oud word; dus het hy nog mar 24 jaar te lêwe. En wat is 24 jaar? 'n Drom. Koos b sluit toen, "laat kom wat wil, ek gaan elke ferjaardag wat ek mog te belêwe het fiir, en niks moet my keer ni—alleen 'n sterfgefal in myn famili." En met 'n onfskillige lag foeg hy daarby: "Ek eet en drink wat myn hart begeer, want mor'e sterf ek; en ek gaan myn buik ni fop ni."

Op Gans Mond was baing mense, want daar het mooi donner bui'e deur getrek; di feld siin soos 'n blomtuin daar uit, en di kuile in di rifiir was fol met water. Daar staan gekamp Trek Boere en Bas'ers, Boesmans en Hotnots, en dit was 'n pragtige gesig om di duisende fan skape en anner fé na di water toe te siin kom: di beste skop na hulle kwas, di pére steek kop tussen di béne en skop agter op, di kalwe s huppel en di duisende lammertjuis hardloop ronl so 's malkopgoel. So 'n gesig is genoeg om enige mens syn mond te laat water. Sels di g dreun fan di flerke fan di flytige heuningby was strelend fir di oor. Di Hotnots was ammal eens, dat di byneste net fet was. Melk en heuning was in o'erfloed by ou Gans Mond. Ai, waar is di da'e?...

Op di merkwaardige dag kom ammal Koos geluk wens—wit en swart was by. En di seen fan di Here word Koos fan alle kante toegewens en fal op hom soos 'n reenbui fan roos blaartjuis op 'n blosende bruid. Nou 'n mens is mar 'n mens; stamp jy hom, skel jy hom; strel jy hom, fop jy hom; hy bly mar 'n mens; hy weet hoe hom in elk omstandigheid te ge.Jra. En toen Koos siin dat al di mense so baing fan hom dink, toen haal hy eers uit; want dit kan ni ontken worde ni, dat in di da'e di Onnerfellers net baing fan 'n Bolanner gedenk het, 'n Bolanner jonk kèrel kan in di da'e net mar syn mond oop gemaak het, en di

onnerfeldse mysiiis sé sommar ja. Ek sé ni, dat dit nou meer so is ni, want ty'e werk verbasende veranringing. Di onnerfeldse mysiiis dra di naam fan baing ryk, en di Bolanners syn mond het altyd gewater fir 'n onnerfeldse noi.

Koos staan dus hoog in agting by al di mense; daarom wou hy ni laat sleg lê ni; hy stuur Plattji en Danster in di buurte rond, en dit het ni lank geduur ni of hulle was terug met hoeners, eende, kalkoene, en speen farkens. En binne 'n paar tellings was di hoeners, eende en kalkoene genek en di speen farkens was dood gesteek.

Di middag, kwart o'er een (dit sal my nooit vergeet ni), was di tafel gedek, di kos was daarop, en by 'n 30 gaste s t an, wat eet, wat drink en wat babbel dat dit 'n aardighyd was. Dit sny, dit eet, eu dit sluk. Di kinnners was eenkant bésig. En di Hotnots sit onner di skadewe fan 'n klompi karébome rondom 'n bak, 'n skaap en 3 bottels brannewyn. Ook hulle raas en skel en floek dat dit so dreun. En toen Koos dit alles so anskou, was hy tog ni in syn knoppiis ni? Di remoer onner di Hotnots was so erg, dat Koos hulle moel dry'e met di *aapstêrt*, soo's hy altyd di agtersambok genoem het.

"Wil jul julle bekke hou? Of ek fel jul dat di nerwe fan julle rugte affi.

"Baas, moet ni fan dag fer ons kwaad wees ni; hoor mar hoe di witmense daar binne in di tente oek raas, en baas ferjaar mar een keer in 'n jaar," sé Plattji daarop

"Plattji, ek denk jy het reg; de, fat di sambok en steek hom weg, anners draf ek julle nog deur eer dit sononner is." Daarop stap Koos toen di tent in. Een fan di Hotnots skré: "Baas koos, gé ons dan nog 'n bottel; assebliif tog, baas!"

"Wat het julle al di 3 bottels drank uitgesuip? Dis daarom dat julle, Hotnots so 'n lawaai maak. Né, wat eers."

'n Hele koor fan stemme roep: "Assebliif tog baas"

"Nou ja, Plattji, kom dan en haal 'n bottel en moet ni weer lol foor ek klaar met eet het ni."

Weer 'n koor fan stemme: "Danki, baas! danki, baas!"

Daarop gaan hy an tafel sit, haal syn bont sak doek uit en fé syn beswete foorkop af, en sé: "Soe, di Hotnot kan suip."

Daa het nog 'n menigte kës o'ergeskiit, en in di aant was diselfde fees weer an di gang; en toen di maalyd o'er was, word di stoele en tafels fersit, en ni lank ni, of di stof glaan by di tent deure uit soos di boel binne dans. Di Hotnots sit hulle fees onner di bome fort en suip nog een streep deur brannewyn.

Dit moet ferstaan word Koos Vonk het twee soorte brannewyn: syn y'e fatjiis waar hy en syn vrinne uit driek, en dan weer groot fate waar di Hotnots fan koop en drink; en di laaste soort brannewyn noem hy *Helvuur*, want di bestaan uit spiritus, water, tabak blou fiterjoel en peper of rissiis. En word 'n Hotnot

daarfan dronk, dan word by fir di eerste twé da'e ni nugter ni—hy bly rasend.

Ou Adam Danster het eenmaal di stel afgetrap, en toen hy reg kom sê hy an Plattji: "Ik foel fan oggend baing sleg, dit lyk fir my of al myn famili dood is, en ek di enigste 's wat o'er gebly het." En tog wonderlik, 'n Hotnot ferkiis di gemene drank bo di suiwerste drank. Mar soos ons weet, trakteeer Koos uit syn prifate fatjis soet en rysende wyn en daarby eerste klas suiwer dopbrannewyn. Wat ooit op Gans Mond later mag gebeur het en mag gebeur weet ons ni, mar daarfan is ons o'ertnig, dat nooit te fore daar so 'n fees gewees het ni—ammal praat nog daarvan.

Di mense dans dat dit 'n aardighyd is, en so nou en dan skré Koos: "Kinnertjis, laat deur draf tot dag toe!" En een ou, wat mooi stukkend was, klap nou en dan op syn hanne en roep uit: "Mamma syn kinnners!" Mar dit het ook ni lank geduur ni, of hulle moet "mamma syn kind" uitdra en errens fir hom gaan berge om uit te rus. En toen hulle hom uitdra roep hy nog uit: "Hoe later in di nag, hoe maller!—Hoe meer, hoe frolikker!" Syn tong was toen al so dik, dat hy di laaste woor'e ni meer kon uitspreek ni.

Di folk bnitekant dans met 3i myde een Hotnotsriil na di anner dat di stof so trek. Ou Danster speel op di ramki, en Plattji slaan op 'n blik skottel, en di anner boel steun en kreun so lekker as hulle dans; en hulle huppel en trippel as hul di kring omdraf. Mar an alles moet 'n ynde kom: di water fan di langste rifir loop ook naderhand in di sé, en so het an di uitspattende pret ook 'n ynde gekom.

Met eerste hoenerkraai gaan een na di anner kooi soek, en toen eers gewaar hul, dat di Hotnots nooit di osse kraal toe gebring het ni; want Koos syr osse het ook in di kraal gestaan. Di Hotnots word angesê om vroeg weg te spring, mar jy kan begryp hoe hulle foel; want ammal was goed fan di *Helvuur* Brannewyn gepik.

Baing laat di follende oggend staan di mens: op—di son was al hoog nit—en al wat hulle fra was sterk koffi en kou water. Koos Vonk was boos o'er syn osse en sé: "Wag mar, di duiwel bewaar di Hotnots hul siil as hul di osse ni bring ni. Dit word middag, dit word agtermiddag, en dit word aant, mar al wat uitkom is di osse en di Hotnots. Ni alleen Koos syn osse was weg ni, maar ook di fan anner mense. Laat in di nag eers kom Danster en Plattji en sé: dat hulle o'eral rond gesoek het, mar dat hulle di osse ni kan kry ni; en fertel ferder dat hulle di spore fan di osse gekry het, en dat agter di osspore spore fan 5 Boesmans lè, dus moet di osse deur 5 Boesmans gesteel wees.

"Julle liig dit," sé Koos Vonk, "julle het agter di eerste bos gaan lè slaap, en jul het nooit di osse gaan soek ni."

"Né, regtig Baas, ons het di spore fan di osse en fan di Boesmans gekry," was di antwoord fan altwé. En toen eers glo hy dit. Al di bure word angesê om

di follende oggend met dagbreek klaar te wees. En follens afspraak, toen dit lig genoeg was om di spore te fat, fertrek di manskappe al op di spore, so finning as hul mar kan. Danster was ook saam.

"So gaar dit," sé een, "na frolikhyd kom olikhyd."

"Kom, kom, moet ni so lol ni! Jy neem al di frolikhyd fan di verjaardag weg; dis ni nou di tyd om preke te maak ni; ons moet andruk, laat ons di Boesmans fang' sé 'n anner.

"Ja, as 'n mens mar alles vooruit gewet het, dan sal dinge anners met ons lyk," sé 'n derde persoon.

"En dan, waar kom di kans in dat een mens di anner kan fop, dit is, wanneer 'n man alles vooruit weet" sé Koos Vonk. Daarop laat hy folg: "Kom, ons het sukke storiis ni nodig ni, êk reken ons fang di Boesmans net nou, want daar is dri fan myn osse by, wat di póte net baing seer is, en ek weet hulle kan ni finning loop ni"

Nouliks was di woorde kond, of hulle kom op 'n plek waar di Boesmans dri fan Koos syn osse met gif pyle dood geskiit het, en dit was juis di dri seerpoot osse. 'n Boesman laat mos nooit liits lewendig agter ni; as hy hom ni ferder kan kry ni, dan skiiit hy hom dood en laat hom lè. Fan een os het di Boesmans gebraai, mar di anner twe leg nog onbeskadig op di grond. Toen di mense dit siin sé hul dadelik: dis vroeg in di nag gedoen; want di fuur is al dood; en di osse is al koud en styf.

By di plek was di woorde, hul saal af en laat di père 'n bitji rol en na 'n half uurtji sit hul weer in di sa'els en druk an, en kort na di middag siin hulle di osse ouner 'n kliprandtji staan, mar gen Boesman was te siin ni.

"Pas op," was di algemene waarskuwing, "di Bo smans sal ons fenters met hulle pyle skiiit eer ons weet waar ons is."

"Wag, laat di père hiir staan, en laat ons di plek goed deur kyk," sé een.

Met eens siin een fan hul party 'n geweer by 'n gat uitsteek, en hy skre: "Daar is 'n geweer."

Waarop 'n Boesman skré: "Wag, moet ni skiiit ni, laat di mense mar nader kom, dan sal ons hulle 'n stryk wys."

Dit het ni lank geduur ni of di merse wis waar al di 5 Boesmans was; hulle open 'n hewige fuur, en ni lank ni of di Boesmans borrel uit di gate en fan agter di klippe uit, dri word dood geskiit en twé fng. Later is een gefang geworde.

Gelukkig het hul al di osse terug gekry, behalwe di dri wat dood geskiit was. Di gefange Boesman sit hul'op 'n orige los pèrd, wat hulle mé gebring het en neem hom saam huis toe. Toen hul di aant'tuis kom, was ammal bly dat alles so goed afgeleed het, mar hul had fir Koos jammer, omdat hy di enigste ferlisende party was. Koos egter had ni feul moeite om dri anner osse te kry ni, en no al heel goed koop. Na al het Koos syr ferjaardag hom daarom wat te

staan gekom, mar hy reken altyd so een of anner sal hy fop, en so sal di skade weer fergoed word.

Mar wat nou met di gefange Boesman gedoen? Een sê: "wag, jong, ons sit hom môre op Fred-rik Nel syn pèrd laat di Boesman hom inbreek; want di pèrd kan spring as di duiwel; gen man kan hom ry ni."

"Wil jy glo," sê di anner.

In tussen maak hul di Boesman di nag fas, en di anner dag na hul koffi gedrink het sit hul hom op di pèrd, om di pèrd in te breek.

"Ek wet jou, di pèrd smyt di Boesman, laat syn kop so klap," sê een.

Di Boesman klim di pèrd op; di perd snork en trap rond, hy trek syn ore plat, en maak hom klaar om te spring.

"Ek wed jou, di Boesman bly sit," sê 'n anner; "ek kan dit sommar an syn sit siin"

Di pèrd was ook klaar, duik met syn kop weg en skop agter op, mar wi sê wat sit is di Boesman. Hy swaai en draai rond en ynlyk skuur di pert hom toen teen 'n boom. Di Boesman draai 'n bitji weg, mar bly sit.

"Hoor, mar sit so 'n Boesman ni lekker ni." merk 'n anner op. Di pèrd gaan toen op di grond rol.

"Wag mar, net non sal jy syn kopbeen hoor klap; gé di pèrd mar 'n kans,"—sê 'n derde daarop. Di pèrd di spring in di lug, staan op syn agterpote, wals in di rondte, skud syn kop, snork fan boosaardighyd, en toen hy ingebreek was druk di Boesman syn hake in di pèrd syn ribbe, di pèrd spring weg, en di Boesman gaan fort; en toen hy 'n end weg was, kyk hy om, waai met syn hand en skré: "Goeiën dag mense ek gaan nou weg." En dit was laaste siin fan Boesman en pèrd. Toen skrik di baas fan di pèrd eers, toen hy di Boesman di bulte siin o'erja.

Neef Roelf.

Neef Roelf, 'n mooi, knap en fluksi jonkman

Trek op 'n morre syn sondagspak an,

Lat syn fos merri opsaal

Wat net lekker kan ry,

Om di dorp nor te haal

Waar hy nou wil gaan fry;

Want syn engel, syn Elienora, bly daar,

'n Beeldskone diir,

En geleerd oek daarby, met 'n skatryk fa'er,

Mar kwaai nes 'n tiir.

Mar daar gé neef Roelfi nou wynig mar om;

Hy werk met di spoor mar, om foorwaarts te kom;

Want as hy net so dink

An di noi fan melk en bloed,

Dan piits hy fir ou Flink,

En spoor haar an tot spoed.

Want haar snoetji so fraai en haar wan'g'tjiis so rond,

Di sweef foor syn gees,

En haar ogies so helder, en haar hare so blond,

Wi sou hy nog frees?

Hy kom by d' huis, bitji skrikrig en bang,

En word deur "ou oom" oek mar brotmend ontfang.

Di ou fra hom kortweg;

Want hy hou hom astant:

"Wat kom jy hiir soek? seg;

"En so laat in di aand!

"Of kom jy om myn dogter? dan kan jy mar gaan:

"Want ek is haar baas

"En so nooit sal ek haar an 'n snobbi afstaan;

"Dus foert fan myn plaas!

"Of is jy soms ryk? dan kan jy haar kry.

"Hoe feul besit jy?...kom sê dit fer my."—

"Wag, stadig, myn compi!

"Wees ni so danig kwaai!

"En oek ni so nors ni,

"As ek fer jou mag raai.

"Dit lyk my jou siil soek net na rykdom en na geld;

"Mar liifde en trou

"Weeg by jou niks; mar jy weet tog dat skatte fersmeit,

"So maklik as dou;

"Mar di ryne liifde en deug di bly staan,

"Waar rykdom so lig as 'n rookwolck fergaan.

"Ek kom hiir om te fry;

"Dis waar wat jy daar sê;

"En kan ek Nora kry,

"Dan wil ek haar oek hê.

"Mar jy fra alte gou of ek 'n ryk kerel is.

"Dit lyk dus of jy

"Wil jou dogter ferkoop, an hoe 'n fent dit oek is,

"As jy geld mar kry."

"Wag, stop!...jou karnalli!.....jou droge houtbeen!

"Ek siin nou al net waar di sake wil heen.

"Jy is 'n niksnuts, né?

"Wat seker niks besit;

"En dus myn kind wil hê

"Om haar oek droog te sit,

"Daarom praat jy so gou fan liifde, trou en deug.

"Mar 's neusi ferby;

"Ek siin jy wil myn dogters geluk en haar freug

"En geld oek daarby

"Net gou lat ferdwyn soos rook of soos dou;

"Want dis net daarom wat jy mos so gou

"Fan geld se wegsmeit praat."

"Né, compi! jy het mis.

"Eu wees tog ni so kwaad;

"Want dat ek skatryk is

"Dit kan jy fer my glo. Jy sal jou self ferstom.

"As jy net mar hoor

"Fan myn k sbare skatte en myn grote rykdom."

"Ha! lat ons dan hoor!"

"Nou ja, wat ek het, sal ek: sonder te li'e.

"Fer oom nou fertel: om jou ni te bedri'e.

"Dis 'n skilder bok-ooi,

"Waarfan ek di anteel,

"Elke twé jare mooi

"Met myn boeti moet deel;

"Di swart baster hamel, wat laaste jaar dood is

"Deur 'n seer an syn bek;

"En di hanslam fan sussi se felletje is

"Oek myne as hy frek.

"Mar kyk! nog di kosbaarste skat wat ek het,

"Waarop oom selwers sou trots wees, ek wed

"As jy dit mag besit;

"Dis di fulletje fan

"Myn ou merri, ou Wit,

" Wat laaste jaar fan
 " Di honger gefrek het, daar bo in di sloot,
 " En waoro'er ons tog
 " So bitter getreur het, di dag na syn dood.
 " Wat sê jy nou nog ?"
 " Jou kale fent ! mag jou di nagmerri ry !
 " So wel as di Duiwel en Bokspoor daarby !
 " Jy hou my fer 'n gek
 " Mar wag ! ek sal jou kry.
 " As jy ni nou fertrek
 " Sal jou di Fuurstêrt ry !"
 Neef Roelof, ferskrik deur so 'n freeslike taal
 Fan di gemene frek
 Maak so gou as hy kan ; om ou Flink op te saal
 En huis toe te trek.
 Terwyl hy di ou in syn aail in ferwens
 Na di ryk fan di Duiwel met pootjies en pens.
 En sweer nou self dat hy
 So nimmer as te nooit
 Weer so fêr son gaan fry ;
 En as hy nou oek ooit
 'n Mysi weer mag leef kry, dan sal hy goed kyk
 Foor hy weer gaan fry,
 Hoe 'n fa'er dat sy het, en is hy soms oek ryk
 Sal hy haar lat bly.

M. H. NESER.

Pratjies o'er di Natuur.

DI JAARGETIJE.

Nou moet ons perbeer verstaan hoe dit kom dat
 Lente, Somer, Herfs en Winter makkaar so getron opvolg.
 Fer 'n tyd skyn di aarde te slaap. Di blomme ferdor,
 blare fal af fan di bome, en di lug word koud en on-
 plesirig. Dan word di dage weer langer en warmer, di
 gras begin uit te loop, di blommetjies kom te foor-
 skyn en straks is di bome weer fol blare. Nou is dit
 weer aangename, sagte weer. Di aarde ontwaak uit
 syn slaap, soos 'n jeugdige blosende kind in di mo're.

Wat is di oorsaak fan dit alles ? Waarom is di dage
 langer in di somer as in di winter ? Waarom is dit in
 di somer soms so ferskrikkelik warm, in di winter
 weer so bitter koud ? Laat ons weer 'n proef neem,
 soos laaste keer, met 'n lemoen, met 'n brynaald daard-
 deur gesteeke. Laat di lemoen weer di aarde foorstel,
 di twe' ente fan di brynaald di Noord-en Suidpool, en
 laat di lamp weer di son foorstel. Bind 'n swarte
 draadji gare om di middel fan di lemoen, langs di pun-
 te fan di brynaald ferby, en 'n ander draadji dwars o'er
 di eerste draadji, ook om di middel fan di lemoen. Di
 eerste draadji stel nou foor 'n lyn wat loop deur Noord
 en Suidpool, di twe'de draadji stel di Ekwater of mid-
 delini foor.

Gaan nou weer staan langs di tafel met di lemoen
 reg tenno'er di lamp. Hou nou di lemoen tenno'er di
 lamp, mar so dat di naald, ni soos forige keer na di
 dak, marskuins o'er di lamp heen wys. Om di regte
 posisi fan di naald te kry moet twe' tenno'er makkaar

gaan staan langs di tafel, een an elke sy laat hul dan
 'n lyn styf gespan hou dwars o'er di tafel, flak onder
 di lamp. Hou nou di lemoen met brynaald so langs
 di lyn, dat di naald met di rigting fan di lyn 'n hoek
 maak fan $\frac{2}{3}$ gedeelte fan 'n regte hoek. Jul weet
 seker wat 'n regtehoek is, niwaar ? Dis di hoek fan 'n
 winkelhaak ; di hoek wat di muur fan onse woning
 met di floer maak. 'n Regtehoek word gewoonlik
 ferdeel in 90 grade. Wat bedoel dit ? Kyk na 'n wiil
 waarfan twe' sporte 'n regtehoek form by di as. Nou
 di gedeelte fan di band fan di wiil wat daar is tussen
 di sporte, met andere woorde, 'n kwartwiil word ver-
 deel in 90 gelyke dele, of grade. Of di wiil groot is
 of 'n klyne wil, dit maak gen saak ni. Di regtehoek
 bly altyd diselfde. Nou di hoek wat di brynaald
 met di lyn moet form moet ygenlik $66\frac{2}{3}$ grade wees.
 Net so is di posisi fan di aarde in di lugruim tenno'er
 di son.

As jy nou jou lemoen in orde het, hou dan jou
 lemoen fer 'n rukki stil so, wat bemerk jy dan ? Di
 lyn waar lig en skadewe skyding maak om di lemoen
 gaan agter di Noordpool mar foor di Suidpool ferby.
 Draai nou jou lemoen eenmaal in di ronte, mar pas op
 dat jou naald altyd in diselfde rigting blyf wys. Dan
 siin jy dat di Noordpool geheel in di lig draai, di
 Suidpool geheel in di skadewe. Jy siin dus dat di
 grotere gedeelte fan di bo'enste helfte fan jou aard-
 bol in di lig is, terwyl di grotere gedeelte fan di
 onderste helfte fan di aarde in di skadewe draai. Nou
 ferstaan ons dat di dage in di Noordelike halfmond
 langer moet wees as in di Suidlike halfmond. Dis nou
 Somer in Holland en England, mar winter in Suid
 Afrika. Di strale fan di lamp (onse Son) skyn net
 lynreg op 'n punt sowat halfpad tussen di Noordpool
 en di Ekwater, terwyl di Suidelike halfmond di skuinse
 strale fan di Son kry. Dit is nou feul warmer in
 Europa op di lemoen as in Suid Afrika. As 'n mens
 reg tenno'er 'n fuur sit is dit altyd warmer as skuins
 foor di fuur. Dit is nou Juli maand op ons lemoen.
 Jul weet mos dan het Holland en Engeland somer en
 ons het winter.

Gaan staan nou an di sy fan di tafel wat an jou
 regterhand is. Laat jou lemoen saam met jou gaan,
 mar pas op dat di brynaald in diselfde rigting blyf wys
 (let op ek sê ni na diselfde punt ni, mar in diselfde
 rigting of koers as froeger). Nou skyn jou Son se
 strale lynreg op di Ekwater fan jou lemoen. Di skyd-
 ingslyn tussen lig en skadewe gaan nou deur di Pole
 en as jy di lemoen (jou aardbol) om syn as laat draai,
 sonder dat di brynaald, fan koers ferander, is dag en
 nag ewe lang o'er di gehele aarde. Dit gebeur, soos
 di Almanak ons leer, omtrent di 23ste fan September.
 Nou het Suid Afrika Lente, Europa het nou Herfs.

Gaan nou met jou lemoen staan an di vollende sy
 fan di tafel, flak tenno'er jou eerste posisi. Mar laat
 di brynaald altyd in diselfde koers wys. Span weer 'n
 lyn dwars o'er di tafel onder di lamp ferby. Hou
 weer di lemoen langs di lyn, so dat jy 'n hoek kry fan
 omtrent 66 grade. Natuurlik nou wys di brynaald

syn bowenend fan di lamp af, terwyl di onder end onder di lamp ferby wys, dit is te sê as di naald nog altyd in diselfde rigting wys as eers. Nou skyn di strale fan jou sou weer flak op 'n punt halfpad tussen Ekwater en Suidpool. Nou is dit somer in S. Afrika, winter in Europa, nou is dit Jannewari-maand op ons lemoen.

Gaat staan nou an di laaste sy fan di tafel met di brynaald altyd in diselfde koers.. Nou is dag en nag weer éwelang as jy jou aardbol om syn as laat draai. Nou het ons Herfs, mar Holland het Lente. Dit is in Maart, omtrent di 22ste. Maart 22 en September 23 word genoem *equinox* (lees ekwinoks), 'n Latynse woord, wat "gelyke nag" beteken. Natuurlik dit is Lente equinox, of Herfs equinox, al na dat ons Lente of Herfs het.

Ons het opgemerk dat elkeen fan di Pole op hulle beurt geheel in di skadewe en geheel in di lig draai. Di aarde beskryf syn loop om di Son in sowat 365 dage 6 ure.

Fer sowat 6 maande is dit dus lig an elkeen fan di pole en fer 6 maande duister, één lange dag fan 6 maande en één lange nag fan 6 maande. Dit moet ni alte plesirig wees ni, né.

Onse aarde beskryf syn baan om di Son in sowat 365 dage 6 ure. Ons Almanak tel net 365 dage. In 4 jaar tyd is ons Almanak dus 4 maal 6 uur, dit is 24 uur agter by di Son. Daarom gé di Almanak fer Fewerwari één dag meer elke 4 jaar. Dan is dit Skrikkeljaar.

Nog één ding foor ons eindig. Di warmte fan di somer en di koue fan di winter hang ni af fan di afstand fan di Son ni, mar, soos ons gesiën het, daarfan of di strale fan di Son reg op ons skyn of skuins. In di winter is ons, wat afstand b-tref, wel *dri miljoen* myle nader by di son as in di Somer.

Di Roosknoppi.

(Bekroonde Pryspraag).

FERKORTE INHOUD.—Di leser maak kennis met di persone wat di hoofrol ferful: Mnr. Retief en syn frou, met syn 2 dogters Betti en Maria, en syn seun Dani, ferder met Betti Brink, di niggi fan Mnr. Retief syn kinders, en haar frindin, Anni Joubert.

Dani en Anni het 'n gesprek o'er nasionalityt, waarin di onnodig gebruik van Engelse woorde afgekeur word.—Hulle gaan na di waterfal toe, in di berg; Anni fal fan 'n klip en breek haar been wat deur Dani gespalk word. Anni herstel, na 'n maand.—Anni en Dani in di blomtuin; sy gé an hom 'n roosknoppi wat hy moet bewaar, en hulle neem afskyd fan mekaar.

Mnr. C. Brown di winkeliër en Mnr. Van Dyk kom di aand by Mnr. Joubert deurbring om te onderhandel en te siin di besighede van Brown en Joubert ineen te smelt. Anni haar pa het haar di vorige aand bekend gemaak dat hy wil hê dat sy met Brown moet trou, wat haar grote smart veroorzaak daar sy hom haat inplaaas van lief het.

Dit word fertel dat Mnr. Joubert so bitter teen di Afrikaner Bond gekant is. Di rede was dat hy deur middel fan di Bond in di Parlement wou kom, mar di Bond wou hom daar ni bring ni, omdat hy onbekwaam is. Brown fra Anni na 'n konsert.

III. DONKERE WOLKE.

(*Ferfolg*).

DI Vrydag aand sou di konsert afkom en Mnr. Brown was dan oek groot bytyd gekom en Anni af te haal; want hy was bang dat 'n ander hom sou droog-sit. Mar hy was heeltemaal ferkeerd om Anni daarvoor an te siin; sy was ni van di soort nôiens, wat fer 25 man "ja" sê en dan loop met di een wat haar di eerste kom afhaal ni. Né, sy handel follens di Skrif; haar "Ja" was ja, en haar "Né" was né. So stap di 2 dan an naar di stadhuis, waarin di konsert sal gegé worde. Toen hulle digteby di stadhuis kom loop Lenie Botha, Anni haar niggi met haar broer Pieter en 'n frindin fan haar, Maria Bouwer by hulle ferby. Dit was nog lig genoeg dat hulle mekaar goed kon ken, en Anni foel net ongemakkelik, want onder gen omstandighede wou sy graag fer Lenie laat siin het dat sy met Brown loop ni. Mar wat wil sy nou doen; sy moet maar di beste fan di saak maak, en maak dus of sy fan niks weet ni. Toen di eerste part fan di konsert ferby was, gaan Brown solank as di pause duur, uit om bitji fars lug te skep en te rook en Lenie Botha, wat ferlangend naar 'n kans nitgekyk het kom toen daar by Anni sit om haar nuwskirighyd bitji tefrede te stel. Sy pla Anni te danig met Brown en maak asof dit heeltomal seker is dat hulle 2'saam sal trou hoewel Anni haar ferseker dat daar niks fan an is ni. Toen di 10 minute fan di pause haas om was en Brown weer sou inkom staan Lenie op om weg te gaan en sê laggende om haar te pla:—

"Nou ja, ek sal jon mar by voorbaat gelukwens met di aanstaande gebeurtenis, en hoop dat jy baing geluk-kig in alle sal wees!"

"Jy kan jou gelukwens mar gerus spaar, want jy weet 'n mens trek ni graag jou woorde terug ni; en jy sal tog ferplig wees om di fan jou terug te trek," was di antwoord fan Anni.

"Moeni glo ni, ek weet wat ek doen," sê sy toen sy wegstap. Brown kom toen in, neem weer syn plaas, en di twede gedeelte fan di konsert begin.

Toen di konsert ferby was en di 2 na huis loop praat hulle natuurlik eers o'er di ferskillende stukke wat daar nitgefoer is, en Brown siin goed dat Anni allesins befoegd was om 'n oordeel uit te spreek o'er di konsert in algemeen sowel as o'er di ferskillende stukke in bisonder. Brown had egter fer haar kritiik gen ore ni, want daar was iits anders wat hom swaar op di hart druk; en dan, hy stel oek temin belang in musiek, natuurlik omdat hy mar min kennis daarfan had, om feul notisi te neem fan wat sy praat. Sodra sy dan oek enigsins uitgepraat het, neem hy di

woord en laat di gesprek 'n ander rigting neem. Waar o'er hy toen begin te praat sal di leser wel kan gis. Hy was gou op syn punt, en soos een fan di ou Hollandse digters in syn : 'Het Meisje of het geld' sê :

"Hy zwetst bra f van min en een teeder gevoel ;
 "Van trouw, van een smartelijk liefde gevoel,
 "Zoo lang en zoo breed tot dat paar gansch verrukt
 "Den oude geweldig het 'ja' woord ontrukt."

Hy fertel haar toen hoe freeselik liif by haar het ; hoe hy, toen hy haar, foor 4 jaar fer di eerste maal gesiën het en sy nog mar 'n klyn mysi fan 14 jaar was haar dadelik liif gekry het, en dat di liifde nooit een enkel ogenblik gewyk het ni ; ja dat daar nooit een enkel dag omgegaan het dat hy ni in liifde an haar gedenk het ni ; hoe dat hy alles, ja tot selfs syn groote besitting - want hy laat nou goed ferstaan dat hy ryk is—oek selfs syn lewe fer haar sal wil gé. Hy smeek haar dus om haar hand, en sy kon net stel watter voorwaardes sy wil, hy sal dit jnwillig. En hy het, soos hy denk syn rol net gaaf gespenl ; want hy, di sig ni kan herinner dat hy al ooit 'n traan gestort het, of selfs ferdritig geworde het ni, was nou on'er syn rede danig andoenlik en wêmoedig geworde ; ja hy ferbeel hom selfs dat syn forse stem æfentjii béwe. Anni was ni heeltemal klaar met 'n antwoord ni, want ho-wel sy di ding gesiën ankom het, en ferwag het dat hy met di fersoek tot haar sal kom, het sy ni ferwag dat hy dit so gou—di aand al sal doen ni. Sy bly egter ewe koel en sê op 'n bedarde toon :—

"Mnr. Brown, jy het self gesê, as ek my ni fergis ni, dat di saak jou so wonderlik is ; dat jy self ni weet waarom, en hoe dat dit kom dat jy my so liif het ni, soos jy sê, mar ek denk ek kan jou uit di moeilikhyd uit help. Jy en pa is op di ogenblik an onderhandel om julle besighyd ineen te smelt, ni waar ni ?"

"Ja dit is so."

"Nou wel, kan dit daar ni iits of beter, feul mé te doen hê ni ? Kan di skilike liifde ni mar net bloote besighyd wees ni ?"

Brown was bly dat dit donker was sodat sy hom ni mooi kon siën ni, want hy foel dat di bloed rooi worde, en om te maak as of di mening fan haar gehêel uit di lug gegrepe en heeltemal sonder grond is, antwoord hy dadelik :—

"O né, di saak het niks met ons besighyd te doen ni ; soos ek jou g sê het, ek dra di liifde al in myn hart fer di laatste 4 jaar."

"Dit is dan daarom opmerklik," fal sy hom in di di rede, "dat jy di liifde fer my nou eers, openbaar, nou dat jy en pa an onderhandel is."

Di gesegde fan haar laat hom weer moed kry, dit lyk amper fer hom of sy al lang fer hom gewag het, en ontefrede was dat hy so lank gewag het om haar haar syn hart moet openbaar. Hy haak dus af met 'n nuwe ritmarool fan liif le worde en fra haar nou fer di 2de maal, op syn manier regte hartroend om haar hand. Sy was eers fan plan om hom mar so tussen hemel en aarde te laat hang, dan kon sy by haar pa

atlyd beter deur kom met te sê dat sy hom nog ni 'n besliste antwoord gegé het ni, mar haar opreg gemoed, haar ryn gewete wou dit ni toelaat ni, sy siën dat sy oneerlik sou handel, en dit foel haar as 'n daad fan skromelike ontrouhyd teeno'er hom di sy altyd in haar hart omdra en an wi sy alleen wil toebehoor. Mar toen sy op di punt staan om hom antwoord te gé, siën sy in gedagte, haar pa foor haar staan, fertoornnd, gebelg, en drygende. Ag, sy had haar pa so liif en kon ni iits doen om hom te griwe ni, en slaan sy di aanbod af, dan was dit so seker als twe-maal-twe-fiir is dat haar pa fer altyd op haar sal kwaad wees en haar nooit weer sal fergewe ni. Terwyl sy nog haar o'er denk kom in haar gedagte 'n tweede gesig. Sy siën dat sy met Brown getroud is ; hoe dat daar folstrek gen liifde tussen hulle bestaan ni, en hulle dus ni o'er weg kan kom ni ; hoedat hy haar ontrou is en sleg behandel ; hoedat daar 'n detektif kom en hom gefange neem, seggende dat hy—Brown—'n groot fagebond was en nadat hy feul kwaad in Engeland angerig het, fan daar naar Suid Afrika geflug het, en dat hulle hom nou eers in di hande gekry het ; hoedat al syn goed ferkoop worde, en ni alleen syne ni, mar ook haar pa syne, want haar huwelik met hom het g-maak dat hulle in maatskappy gegaan het ; en hoedat sy en haar pa brandarm agter bly, en hard moet werk fer hulle kos, en dan was sy nog 'n ongestorwe wedewe op di koop toe. Hoewel 'n mens syn gedagte gou werk, tog neem dit 'n rukki tyd eer dat sy kon antwoord gé, en Brown dag dat sy 'n bitji nadenk of sy hom dadelik di "ja" woord sal gé dan of sy nog 'n bitji sal wag—want hy was nou heeltemal seker fan syn saak—, en meen dus dat hy fan di gunstige ogenblik moet gebruik maak om haar nog 'n slag an te spreek. Dit was heeltemal tefeul fer Anni, sy siën dat sy nou beslis moet handel en fal hom dus in di rede met : "Kyk Mnr. Brown, dis bes dat ons makkaar goed ferstaan, en ek sal jou dus mar reguit sê dat jy jou moeite en mooi'e woorde mar gerus kan spaar. Jou aanbod sal ek nooit anneem ni, ek slaan dit dus besky'e mar beslis fan di hand. En as jy weer naar my wil kom om hiïro'er te praat, dan siën ek liwers nooit weer jou foete in ons huis sit ni ; mar wil jy by ons kom kui'er as frind, goed, ons deur sal altyd fer jou oopstaan ; jy sal altyd hartelik welkom wees, en ons sal altyd goei'e frinde bly, mar ferder gaan ons ni. Ek hoop jy het my goed ferstaan ; en wat ek nou gesê het bly staan tot myn dood toe."

Brown wou antwoord gé, mar had ni een klaar ni, en daar was oek ni kans ni want hulle was reeds tuis. Anni, draai di deur oop en fra of hy wil in'kom, hy bedank egter en sê dat hy nog 'n paar briwe had om te skrywe wat di anderdag morre froeg met di pos moet weggaan. Dat dit 'n leun was sal nouweliks nodig wees om te fermelde. Di regte rede was dat hy te bitter teleurgesteld en oek te boos was om in te gaan. Dit was hom oek duidelik dat di mysi fer hom te gou was ; sy het duidelik gesiën dat hy haar folstrek

ni lief het ni, en dat di hele ding net besighyd was. Hy neem dadelik di besluit om fer Mnr Joubert 'n briif te skrywe dat hulle hele foorneming 'n mislukking is; dat hulle ni ferder sal onderhandel ni; en dat elkeen mar moet siin om alleen klar te kom. Di b. sluit het hij egter nooit uitgefoer ni.

Anni stap toen in en wou regnit naar haar kamer loop, mar daar siin sy lig in di eetkamer, en ters 'lfer tyd siin sy oek di dokter daar. Sy loop dus soontoe om te siin wat an di gang was. Toen sy in di eetkamer kom staan haar pa met Juf. Burger, hulle bnurfrou en praat en sy siin dadelik dat daar iits ferkeerd is. Op haar fraag fertel haar pa toen dat haar ma, kort nadat sy weg was, siklik siik geworde het, dat hy toen di dokter gaan haal het, en dat di dokter frees fer inflamasi. Haar ma was namelik di dag in di dorp uitgewees, haar foete het nat geworde, en teen di aand het sy fan hoofpyn begin klage. Kort na Anni weg was h. t sy feul opgebring, 'a'rop werd sy angetas deur freselike kon'ekoors en 'n ondragelike hoofpyn. Met een woord, sy was op di ogenblik net so siik as mai molik was en d ar sy re ds twémaal inflamasi in di maag gehad het was di dokter bang dat dit nou weer diselfde stori sal wees. Sy wou in di kamer gaan mar net kom di dokter uit, en nadat hulle makaar gegroet het sé hy fer Anni: "Kyk hiir, as jon ma siik is dan moet jy tuis bly en fer haar oppas; jy moet basta m t Brown rondloop, julle twé sal nog genoeg kan saam rondloop, hoor jy?"

Sy was klaar om hom 'n antwoord te gé, mar sy siin dat dit mar 'n grap was fan hom en wetende dat sy di snaar liwers ni moet anroer ni, so sé sy:—

"Dokter hoe is ma nou, kan ek fer haar gaan kyk?"

"Né onkind" was syn antwoord, "jon ma het nou 'n bitji tot rus gekom en as sy rus, moet julle tog onder gen omstandighede fer haar hinder ni."

Mnr. Joubert begin toen fer Anni uit fra o'er di konsert, hoe dit gegaan het of dit mooi was, ens. mar syn doel was ygenlik om te siin of hy ni so onder duims kan uitfinde hoe fer dit met haar en Brown was ni want hy het geweet wat Brown di aand met haar sou praat. Sy was egter fer hom te oulik, want hoewel sy 'n breedfoerige beoordeeling fan di konsert gé sorg sy tog dat hy ni een enkel woord kry fan wat hy ygenlik wil hoor ni. Toen hy siin dat hy ni forder ni, sé hy dat di posjong, fer haar 'n briif gebring het, en dat hy dit in haar kamer op di tafel gesit het. Sy gaan toen naar haar kamer nadat sy fan hom di belofte gekry het, dat hy haar sal roep as haar ma in di nag erger worde.

Ag wat was dit haar 'n g-not om weer alleen in haar kamer te wees; di kamer wat getuige was fan so menig genotfol ogenblik, mar ook fan so fele tranes geskry in bittere smart, fernamelik in di laatste dage; di kamer waarin sy so menigmaal in di eenszaamhyd fersterk is geworde, en waarin sy oek nou weer fersterking soek! Sy gaan aldus in g-pyns op haar bed sit en haar gedagte rol fan di een ding op di ander; sy denk weer om haar skool dage en hoe genotfol di

was. Sy denk oek feul o'er di Retiefs, en hoe opmerkelyk dit was dat sy so lank ni fan een fan hulle 'n briif gekry het ni; dit lyk of hulle haar heeltemal fergeet het. Met 'n dipe sug staan sy op en begin fer haar uit te trek, mar daar fal haar oog met eens op di briif wat sy glad fergeet het; sy neem dit op en dadelik herken sy di handskrif: dit was fan Bettie Retief. Bettie maak haar bekend dat sy o'er 'n paar dage gaan trou met eene Mnr. Smit fan Johannesburg. Ferder was di briif 'n klaagliid. Sy skrywe dat haar pa so agter uitgegaan het, dat hulle nou dood arm was, en dat haar pa weer fan fooraf moet begin. Dit was dan oek een fan di beweegredes, waarom sy met Smit trou, want hy was ryk en sou haar pa fluks weg-help. Di liifde was ni alte groot ni. Hiir sug Anni swaar met di uitroep: "Arme Bettie," want sy wet by onderfinding wat dit is om in sulke skoene te loop. Ferder skrywe Bettie dat Maria so fluks geleer het dat sy nou hulponderwyseres was in di seminari, waar sy 'n goeie salaris kry, sodat sy ni alleen fer haar self kan sorre ni, mar oek nog f. r haar pa met geld kan help. En hiirné sluit di briif. Anni het so andagtig en noukeurig geles om te siin of sy ni iits fan Dani daarin sal kry ni, mar te fergeefs; ni een enkel woord ni! Waarom skrywe Bettie fan al di ander huismense, en ni fan Dani ni? Sou Dani nog lewe? En so ja, waar sou hy wees en wat sou hy maak? Sy kyk di briif nog 'n slag deur, en kyk of op di agterkant ni altemit 'n P. S. staan ni, mar né niks! Fer-moed, en afgemat, rusbehoefende leg sy haar op di bed neer en slaap "de slaap des onschuldigen."

Hoe wonderlik ons gemaak is.

II. DI BLOEDSOMLOOP.

DI laatste keer het ons gesiin di algeméne werking van di hart en hoe dit di bloed deur di are pers. Laat ons nou op 'n paar bisonderhede let wat hiirop betrekking het.

Di hart van 'n mens is omtrent net so groot as syn vuis: en al 4 kamertjiis binne in di hart is éwe groot, en hou omtrent van 4 tot 6 duim water as dit vol is.

Di deur tussen di linker kamers bestaan uit 2 kleppe, wat toevou na makaar toe terwyl di tussen di regter-kamers 3 kleppe het. Dis waarlik wonderlik om te let hoe sorgvuldig di kleppe gemaak is. As di onderste deel van di linker kant van di hart sametrek, dan gebruik dit net so veul krag om di bloed deur di hèle lyf te drywe, as dit son neem om water in 'n duims pyp, 9 voet hoog op te stoot, en 'n gewone klep sou somar pad gé. Mar di kleppe tussen di 2 kamers is voorsien van 'n heel party drade, wat vas sit an 'n stuk sening binne in di onder kamer, en dit hou hul vas dat hul ni kan pad gé ni. Nou sal 'n

mens denk, as di hart sametrek, dan moet di drade, wat di klep vas hou, slap worde; mar daar is ook voorsining voor gemaak, want soos di hart krimp, dan trek di stuk sening waar di drade an sit in maakar, en di drade bly styf.

Is di bloed eenmaal in di slagaar, dan keer 3 kleppe, wat na makkaar toe slaan, dat di bloed ni weer na di hart kan terug kom ni, sodat as di onderkamer oopgaan net mar di bloed wat in di bowekamer is daarin vloei. Di fatsoen van di 3 kleppe is nes 3 sakkiis wat teen makkaar baing dig sluit. Di kleppe wat ons mar halfmaan kleppe sal noem, kan 'n mens hoor toeslaan, as jy 'n oortrompet reg o'er di hart hou. Di werking van al di kleppe is mooi sigbaar bij di hart van 'n skaap. Gooi 'n mens water in di slagare, dan gaan di halfmaan-kleppe toe, en di water kom ni in di hart ni. Mar worl daar water gegoi in di ander 2 groot are wat ons mar sal noem suig-are (omdat hul met di suier van 'n pomp o'ereekom), dan gaan dit met eens in di hart, en, soos di hart nou in makkaar gedruk word, dan spuit di water by di slagaar uit.

Di are waarin di bloed terug kom, loop bymakaar en gaan dan dadelik na di hart, buiten net di een wat di bloed van di milt en ingewande weer opvang. Di aar gaan na di lewer, en daar verdeel hy hom weer in haar-aartjiis op diselfde manier soos 'n slagaar. En wonderlik, di lewer het juis di bloed no lig wat van di ingewande af kom om daarmede di gal te maak. Bloed wat di dubbele toers loop, neem dan ook di langste tyd om weer by di hart te kom.

Bloed bly ni altyd alleen in di aartjiis ni, want dit syfer somtyds deur in di spire. Om di weer opevang is daar 'n heel aparte aarstelsel. Di chyl, of melk-aar, wat nuwe voedsel van di ingewande na di bloed bring, kom hiermé by makkaar voor hul in di suig-aar uitloop. Di punt van di hart hang net reg'oer di vyf de en sesde rib, waaran hy raak soos di hart saamtrek. Dis dit wat 'n mens di hart klopping hoem.

Di gewig van di bloed is omtrent een dertiende deel van di hele liggaam syn gewig. Dit wil sé, omtrent 12 pond bloed ver 'n mens van 154 pond gewig.

As di hart in elke slag nou tussen 5 en 6 duim bloed uitdrywe, dan neem dit min'ler as een minuut ver al 'n mens syn bloed om eenmaal deur di hart te gaan.

Terwyl di slag-are rekbaar is, kan dit min'ler of meer bloed bevat nadat di aar syn mond, wat uit di groot slagaar uitdraai, klyner of groter is. Di monde fan di klynere slag-are word baing noukeurig gereel deur senings, wat, nes di fan di hart, fan 'n sekere middelpunt afkom, mar wat 'n mens ni direk onder syn beheer het ni. So gebeur dit as 'r mens eet, dat di mond fan di slag-aar wat na di maag gaa, groter word, en dan gaan meer bloed daarheen, om di spys vert ring te he'p. So gaan dit met enige lid wat gebruik word. Meer bloed word daarnatoe gestuur om di werk te doen. Daarom is dit sleg as 'n mens dadelik op di éte weer hard and' werk gaan, al is dit met di harsens, of met di hande of voete.

De bloed kan ni 2 kante gelijk hard werk ni. Daarom ook dat hard werk met di hande di gedagte fan self ferdrywe. Dis 'n goeie raad ver mense wat in wederwaardighyd is, as hul gedagte ver hul te feel kwel.

Bloos en bleek worde gebeur ook mar net bij di rek en krimp fan di mond van di slagaar, wat na di nek en gesig kom. Skrik 'n mens byvoorbeeld, dan krimp di seningki, en jy word bleek. Maak hul jou skaam, dan ferslap di sening, en jy bloos.

Op diselfde manier word ook meer of minder bloed na di fel gestuur om afgekoel te worde na mate 'n mens warm of koud is.

Os het glo al algaar opgelet, dat 'n mens meer gerimpeld en ma'er lyk op 'n koue dag. Dis net om daar dan minder bloed in di fel is, en ni genoeg om dit glad te trek ni.

So bly 'n mens in 'n gedurige o'erenstemming met di natuur daar buitekant. Verloor 'n mens syn liggaam di krag fan o'erenstemming, dan word jy siik. Wi is wys en verstandig, di lette hiir op!

Di vollende keer hoe di bloed fan 'n mens samegestel is.

Oom Gert en syn Graaf.

Kom, vrinde, ek wil jul 'n grappi vertel,
 Wat hiir nou so onlangs by ons is gebeur;
 Ons dorpi is stil, so 'n stori loop snel;
 Oom Gert wou dit dig hou, mar tog lek dit deur.
 Oom Gert is 'n sedig verstandige man,
 Bestuur oek ons dorpi regvêrdig en goed;
 Oek lees hy " *Ons Klyntji*," en praat graag daarvan,
 Mar praat jy van Rooinek, dan kook gou syn bloed.
 Een aand sit Oom Gert weer so lekker te lees:
 Dit was in " *Ons Klyntji*," of so iits, meen ek,
 Daar roep toen syn dogter verskrik en bevrees:—
 "Papa! kom tog gou, hiir is een by di hek!
 "Ek vra hom, wi is jy? Mar praat wil hy ni;
 Hy staan daar so skellem, gebukkend, half krom.
 Ek 't nader gegaan tot 'n tré of twé, dri,
 Mar hoe ek oek vra'e doen of praat, hy bly stom."
 Di aant het di Kaffer di graaf daar gesteek
 En 'n sak toen ver koue daoro'er oek gegoi.
 Oom Gert wis daar nijs van; di dogter gaan spreke;
 Dit was baing donker, en bang word di nôi.
 Oom Gert spring toen op en sit nêr di koerant;
 Hy word op di plek oek nou sommer vererg;
 Want hoe kan 'n man dit tog waag, so astrant,
 Op syn y'e grond hiir so syn dogter te terg!
 Ja, waarlik, daar staan nog gebukkend di man;
 Hy koes weg, di skelm, so lyk dit ver hom,
 "Hêi! wat maak jy daar só, en wi is jy dan?"
 So vra oom Gert nogmaals, mar grafi bly stom.
 "Mar hoor jy dan ni?" roep di ou hom toe weer,
 En stap toen vererg oek al af van di stoep.
 "Ek is mos di regter, jy kry net nou seer"
 Want vinnig kook nou al d' Aferkaner syn bloed.

Plaks! stamp hy di grafi nou been in di lug.
Dit wou hy di skurk van 'n vent mos eens leer.
Toen eers vind hy uit: dis 'n graaf, en hy sug:
"k Het amper myn hand teun di ding nog beseer."

'k Hou baing van oom Gert en syn dogter daarby,
Mar tog van syn hart en syn grappiis di mees;
En mog hy weer eens met 'n graaf gaan bakly,
Dan wens ek van harte daarby oek te wees.

F.

'n Se Stori.

TOEN ek nog 'n kind was vertel myn oupa Joachim Vermaak, op syn 80ste verjaardag ver syn hele trop kinders en kindskinders di vollende gebeurtenis uit syn lêwe.

Vandag, viir uur in di mor'e, is di dag waarop di skip, di *Strandloper*, an wal geloop het te Umzumkulu. Dit was op 23 Mei 1786. Di skip was op pad van Indi'e, na di Kaap toe. Daar het ni veul mense o'er gebly, toen di skip gestrand het ni. Ek, en Dick Jumpers, Koos Brink en twé mysiis voeg ver ons by mekaar; want ons was mos goed bekend met mekaar.

Ons het somar begin plan te maak om 'n soort van 'n skuit te maak, om daar mé verder te gaan.

De twe mysiis het ver ons nog angespoor om dit mar te doen; want hulle wou ni graag meer tussen di klomp ruwe matrose en andere mense an wal bly, as wat uiters nodig was ni. Ons was sonder kos en had geen vooruitsig waar om te kry ni. Wild was hiir genoeg: mar ons had ni 'n gewer om dit mé te skuit ni.

Di mysiis, wat ni wis wat swaar was ni, begin al meer en meer neerslagtig te worde, toen dit begin laat te worde, en toen hulle hoor, dat di ander party skipbreukelinge ver hulle klaar maak om di vollende mor'e di woeste land in te gaan, om te siin of hulle ni mense kon kry ni.

Ek was bang dat hulle misskiin fer ons sou wou o'erhaal om met di klomp same te gaan, en ek wou liwers hé, dat ons alleen moes bly en siin om ons eie weg te finde.

Di aand toea dit begin donker te worde loop ons fyf so op di sand rond, en siin nog so nou en dan 'n lyk, fan di ferdrinkte mense, op di sand uitgespoel lê. Ons kyk amper ni eens na hulle ni, want ons soek mos plankstukke om fer ons 'n skuit te maak. Di matrose en 'n paar ander mense loop oek daar rond, om te siin of daar ni misskiin nog fan di biirkaste, of brandewyn fate uitgespoel het ni; want hulle foel nou grote behoefte an drank. Een fan di matrose kom toen na my toe en fra fer my: "Waarom hou jy fer jou dan so eenkant op? Is onse geselskap dan ni goed genoeg fer julle ni?"

(Nou, ek moet sé, dat dit fer my gelyk het, of hulle al fan di morre af fer ons 'n bitji skuins angekyk het, omdat ons so een kant langs gebly het).

Ek kon goed siin dat di man drank in had, en wou toen ni met hom praat ni.

Ons loop mar fort, en toen hy siin, dat ons fer ons ni an hom steur ni, sé hy: "Julle moet ni, as daar gefaar kom, na ons toe kom om hulp ni! Onse Kaptyn sé julle moet nou siin hoe dat julle klaar kom" Ek was hiir o'er eer bly as bedroef, want nou siin ek dat di mysiis fer hulle meer an onse lyding sal o'er gé.

Ons moes nou 'n plan maak fer di nag. Dit was erg kond, en di mysiis béwe fan koue in di ope lug.

Daar was baing bosse an di foet fan di berg, waaronder ons uitgekome het, en fan froeg di dag af had Brink en ek di plan gehad om fer di aand 'n plek in di bos te gaan soek fer di twé mysiis; mar ons wou eers siin wat fan di matrose sou worde, as dit donker is.

Hulle het di aand tiog 'n fatji drank langs di strand opgetel, en nou hoor ons fer hulle sing en lag en praat, soos mense wát ni enige gebrek of gefaar het ni. Ons het toen na di bos toe geloop en daar 'n skerm fer di twé mysiis gemaak fan takke. Ons dri mans moes toen wag hou, om hulle teen di ongediirte te beskerm; want toen was daar nog baing leeus an di strand fan di Indise Osiaan, en oek tiirs en ander ongediirtes.

Ons het ni lang so wakker gesit ni, of ons hoor di matrose begin na ons te soek. Ons hoor fer hulle oek sé "dat ons moet in di sé gegooi worde, sodat di mysiis dan met hulle moet same gaan." Mar gelukkig hulle loop ons al mis, en kry ons dus ni.

Dit was fer ons regte swaar om te denk, dat di enigste lewendige sile wat ons fan weet, onse fyande geworde was.

Di vollende morre was hulle nog and' drinx; mar daar di honger en dors oek by hulle gefoel worde soos by ons, maak hulle daarom plan om kos en water te soek.

Hulle het toen besluit om di bos in te gaan; want daar moes hulle tog ten minste seker water en wild kry. Toen hulle weg was, gaan ons na di strand toe. Onse planke, wat ons di dag te fore bymakaar gemaak het, was nog daar.

Nou kom di moeilikhyd ons by menigtes voor. Ons is reeds half dood fan honger en dors; waar kry ons kos en water; ni alleen so lank as ons an onse skuit werk ni, mar oek ver onse rys na di Kaap.

Onse eerste gedagte was nou om ver di dag te sorre.

Jumpers sé toen, hy sou gaan om te siin om kos ver ons te kry; mar waar en wat nou?

Hy loop toen vort, skynbaar sonder éintlik 'n bepaalde voornemen.

Brink en ek, begin nou an di skuit. Ons het een saag by ons gehad, wat Jumpers by hom op en plank uitgebring het, en 'n klyne frikboor. Daar was

baing spykers, skroewe, boue, ens. in di planke; want dit was mos stukke van di skip.

Dit was laat in di agtermiddag toen Jumpers terug kom fan syn jag. Hy bring 'n mooi fet steenbokki

Nou was di vraag "waar en hoe het hy hom in di hande gekry?" Wel syn y'e ferhaal is soos volg: "Ek het in Indi'e gesiën hoe di nasiis di bokke en skape fan di ander in kuile fang en dan slag, en toen ek di baing spore fan bokke in di bos siin, toen het ek dadelik di plan perbeer. Ek het by 'n sloot gekom in di bos, di walle regaf gesteeke met 'n stok, net waar di sloot 'n fal gé. Toen het ek, omtrent 4 tré lager af, di sloot goed toe gemaak met takke, en toen spry ek takke en gras bo o'er di plekki.

Ni lank ni, of ek hoor iits kom deur di bossiis. Dit was 'n steenbokki.

Hy loop oek reguit na di fal toe, en was net nou daar in."

Ons was toen al besig an onse skuit (of skippi) en so moes di mysiis nou mar kos gaar maak.

Jumpers maak eers di vuur reg en slag di bokki af. Toen begin di twé swakkere te braai (waarfan hulle natuurlik niks ferstaan ni).

Gou gou was alles reg; want 34 nur sonder kos laat self 'n mysi haastig worde om kos by te kom.

Ons het goed ge'eet en toen weer na di bos toe gegaan ver di nag.

Di ander dag gaan Jumpers vroeg na syn kuil en kry 'n grote bosbok daar in. Hy was so gelukkig dat hy soms tot twé grote stukke will op 'n dag na ons toe breng. Di mysiis maak biltong en ander droge frys, sonder sout of peper.

Toen ons na dri maande gewerk te hê, ons skippi (want dit was bra groot ver 'n skuit, hoewel dit ten déle met roiers moes gewerk worde), klaar had, was daar meer droge kos as ons nodig had, en oek wat ons kon same neem.

Toen ons na dri maande, fan di grootste ellende, deur gebreng te hê, di aand in ons faartuigi gaan, was daar grote vreugde onder ons. Di twé Evas moes help roei.

Brink had 'n kompassi in syn sak en so gaan ons vort. Of dit harde werk was? Ja seker! Ons laat di vaartuigi, wat ons noem "Di Vli'ende Hollander," meer drywe as syl.

Ons het van di wild felle 'n soort fan syle gemaak; maar di help ni feul ni.

Watersakke het ons oek fan di felle gemaak.

Nooit het een fan di mysiis gepraat fan di mo'entlikhyd om di Kaapstad te beryk ni; mar toen ons 2 dage en 2 nagte gesyl het, kom een fan hulle, Miss Wepster, na my toe en fra fer my in gebroke Afrikaans, (want ek ken gen Engels ni), of daar enige kans is in myn oge om met "Di Vli'ende Hollander" in di Kaap te kom?

Ek antwoord toen fer haar, so opgeruim as di omstandighyd dit toe laat: "Ek fer myn part twyfel daar ni an ni. Di "Hollander" is goed gebou, en Meneer Brink is 'n bekwame matroos gewees en ver-

staan syn werk nog regte goed. Di weer is oek gunstig, en gé ni tekens van enige verandering ni."

"Ek is baing bly te hor dat jy so denk Mr Vermaak, en ek hop ji het rek kesy. Ek ferlang soh fil fer my ma," sê sy toen.

Dit was fer my regtig swaar om te denk dat daar wynig kans was fer haar om haar ma ooit weer te siin in di wêreld. Di ander mysi kon ek siin had ni feul geloof in "Di Hollander" ni. Sy praat mar bitji; mar laat altyd ferstaan, dat sy meen om nooit weer di huis te siin ni. Sy was fan Holland en wis heelwat fan di sê af.

Dit was na ons 8 dage en nagte so vort gesukkel het, en regte moeg en moedeloos was dat di ergste van alles nog kom, namelik ons water begin so sleg te worde, dat ons dit ni meer kon drink ni. Di kos, wat net uit frys bestaan en so fars is as 'n padda uit di water, en daarby regte droog, was werklik al walgelik om in te kry, en di weer gé alle tekens dat daar 'n storm op hande was.

Ek h.t 'n bitji geslaap di nag, (somar op dek, want daar was net één kamertji onder, en daar slaap di mysiis in) en vroeg di morre kom Briuk by my en sê fer my: "hy denk, dat onse tyd haas om was; want as daar 'n storm kom, dan gaan onse syle, en hoe kom ons dan weg? Om "Di Hollander" te roe alleen, sal tog ni in ons fermoge wees ni."

Ons praat nog, toen Miss Wepster haar ferskyning maak.

Sy was bleker as ek haar nog ooit gesiën het. Ek gaan haar tegemoet, en fra fer haar hoe dit gaan.

Di antwoord was, dat sy fris voel, mar so onrustig was. Sy sê dat di wind, wat di nag gewaai het, fer haar di héle nag uit di slaap gehou het, en, sy had jammer om ons dit te laat hoor, mar, sy had so dors en kon di water ni drink ni.

Dit was fer my 'n freeslike tyding; want ek het geleer om di jonge dame te respektee, en sy het getoon dat sy 'n geduldige mens was onder alle omstandighede.

Ni lank ni, of oek di ander dame, Miss Van Biljon, ferskyn op dek regte kalm en frindelik, soos altyd, gé sy antwoord op ons "goi'e morres."

Jumpers en sy praat toen Engelk. en ek kon ni hoor wat hulle praat ni.

Na twaalf uur di middag, omtrent half een breek di storm, wat ons algar tē wagte was, los.

Dit was 'n freeslike wind, fergesel fan 'n regte sware donder.

Voor ons iits kon doen, ruk di wind ons fel syle algar an stuk. Daar dryf "Di Hollander" nou op di wilde branders en op genade.

Ek gaan kyk na di mysiis. Hulle sit bedaard by mekaar en praat niks ni.

Ek het toen fer hulle getroos so feul as ek kon, en na dat ek hulle hartelike dank ontvang het, gaan ek weer op dek.

Dit hou di héle nag an om te reen, en di storm duur fort.

Di ander dag morre was ons dri mans amper dood fan dors en koue.

Dit hou nog 'n hële dag en nag so an en toen breek di weer, juis toen di skippi al so vol water was dat di mysiis uit hulle kamer moes flug.

Mar nou is ons fan di een dood (fan ferdrink) gered, nou staan di dood fan dors ons alweer foor di deur.

Di water in di sakke was nou al glad bederwe. Ons lê nou somar daar rond op dek en praat gen woord ni, as net, as ons di mysiis perbeer moed inpraat, (wat nou mar 'n sike troos was). Hulle luister, ja, mar hulle kon goed siin, dat ons self ni glo wat ons hulle wil laat glo ni.

Ons het toen di sakke party leeg gemaak en di water uit hulle kamer uitgedra en toen het hulle oek gaan lê om te rus.

Nou slaap algar, net ek was nog wakker. Toen denk ek: "So lê ons nou morre algar dood."

Ek het my self nou glad vergeet, en denk net om di mysiis.

Miss Wepster had in haar portimenteau (wat Jumpers uitgebring het toen di skip gestrand het), papiir en ink.

Toen ek di aand weer na hulle gaan kyk, wys sy ver my 'n briif fer haar moeder in di Kaap. Dit was Engels, en sy moes dit toen fer my fertaal. Sy het ni gehul toen sy dit lees ni; mar sy was bleek as di dood.

Di inhoud was soos volg:—

"Moeder,—Ons drywe op "Di Vliegende Hollander" rond op di Indise Oseaan, en sterwe van dors.

Jou sterwende Agnes."

Nooit het ek so swak gefoel as toen ni. Ek, wat altyd myn lêwe wou gé fer 'n mysi, as sy mar di klynste behoefte had, moes nou hulpeloos staan by twé allerliifste mysiis, en halle siin sterwe fan dors.

Ek kom weer op dek en kry fer Brink dat hy an 'n stuk biltong sit te eet.

"Maat, wil jy oek eet?" fra hy fer my.

Ek neem 'n stuk biltong uit syn hand, en eet net fer di naam om hom te plesuur.

"Denk jy dat di mysiis myn bloed sal drink, as ik myn pols-are af steek?" fra hy toen fer my op 'n obergeruimde manniir, net of hy bly was, dat hy 'n plan gekry het om fer hulle te help. Ek—sê toen fer hom, hy moes wag tot di ander dag morre, en dan kon ons siin of ons di freeselike stap met ons selwers sou neem om di een na di ander onse lêwes so af te sny, terwille fan hulle, daar dit onse plig is om fer hulle te sorre, al kos dit ons bloed.

"Dalk kom daar nog uitkomst,"—sê ek. Toen raak ons an di slaap.

Di nag het een fan ons elke maal gaan kyk hoe dit met di mysiis gaan. Dit was fer my hartferskeurend om fer hulle daar so te siin lê op di bed fan bokfelle an mekaar genaai, en met gras opgestop.

Hulle was altwé so bleek as di dood. Grootmoedighyd was nog op di gelaat fan Miss van Biljon te lees; mar ni minder di beginsels fan di anstaande dood ni.

Ons het nog altyd so goed fer hulle gesorre as wat omstandighede dit toegelaat het, en hulle was dus nog ni so feul agteruit gegaan, dat 'n mens ni kon siin, an hulle hële foorkomste, dat hulle mense was wat dit goed gehad het ni.

Miss Wepster maak haar liwe bruine oge ope en kyk na ons met 'n glimlag. Jumpers, wat toen net in di kamer in gekom het, fra fer haar, hoe dit gaan.

"Ek foel ek moet stérwe, mar ek foel my gelukkig onder sulke frinde te sterwe as julle is,"—sê sy. Toen fal sy weer in slaap.

Ons het 'n hële rukki daar by hulle gesit sonder veul te praat met mekaar.

Jumpers sê toen; Hulle weet nou wynig af fan hulle y'e gefaar. Stomme goed slapend sal hulle sterwe."

Hy praat nog toen Brink my roep, en toen ek uitkom, wys hy na di Suide, o'er di water. Bleek as hulle was, het daar 'n glimlag op syn lippe gespen, oen ek syn hând fat en hom geluk wens; want: daar kom di mas fan 'n skip uit towde di water.

Ek wou di ander dit ni laat hoor ni; want dalk gaan hy ons nog ferby

Dit het net dag geworde en ons kou nog ni so mooi syn koers siin ni.

'n Paar uur later, kon ons goed siin; en, ja hy gaan ons ferby, en ons het niks om 'n teken mé te maak ni.

O, ydele hoop! Wat fer 'n o'enblik in onse harte opgekrom het, ferdwyn nou weer stadig, mar seker.

Toen denk ek om 'n plan, wat ek gesiin maak het op di land an di Kaap, deur di hotnots.

Ons pak toen 'n groot klomp hout op mekaar e steek dit an di brand gooi dit altyd nat, om dit te laat rook. Ons laat oek water onder di hout in loop, toen di hout eers mooi an di brand was, om te ferhinder dat di skip sou brand. 'n Mooie rook, en ja, di mense siin dit oek. Daar kan ons siin draai hulle na ons toe, en gé 'n teken dat hulle fer ons siin.

O! Vreugde! Vreugde! Ons is gered. Op di vyftiinde dag, na dat ons in "Di Hollander" geklim het by di mond van Umzumkulu, bevind ons ver ons dri mans alleen in ons klyne skippi, en wel goed toe; ons fer onse rys verder. Mar waar is dan di mysiis, en hoe is ons dan nou weer an di nodige toerustings gekom?

Wel, dit het so gekom: Ons het besluit om di mysiis terug te laat gaan na Indi'e met di skip wat ons tehulp gekom het. Ein, hoewel hulle ons oek wou omhaal om same te gaan, het ons, na dat ons syl, water, kos, ens. by di kaptyn van di skip gekry het, besluit om met "Di Vliegende Hollander" an te gaan na di Kaap toe.

Dit was swaar fer ons om fan di mysiis afskyd te neem, en hulle wat in al di tyd fan dri en 'n halwe maand nooit 'n traan laat siin het ni, neem nou afskyd fan ons, met trane, soos mysiis alleen kan stort.

Ons het nog omtrent vyftiin dage foorspoedig, gesyl, toen daar weer teenspoed kom. 'n Storm fan

di ooste kant, jaag ons skippi op di strand en breek hom geheel an stuk.

Ons had 'n klyne skuitji, wat di Kapityn ons gegé het, en Jaar mee syl ons wal toe.

Nou kom di vraag: Waar is ons nou? Follens di kaart wat ons nou het, en di berekening, is ons omtrent by, of naby, di Buffels Riffir.

Ons het al wat op "Di Hollander" was kon afhaal, want hy was fas tussen twe rotse en kon ni sink ni.

Nou o'er land na di Kaap toe!
'n Geweer en patrone het ons nou en oek warm klere en kombêse.

Ons het 18 dage getrek, toen ons by 'n riffir kom, wat ons toen somar geneem het fer di Buffels Riffir.

Langs di riffir hou ons nou, tot ons een dag 'n klomp kaffers kry, wat fer ons wou geslag het.

Ag héle dage en magte moes ons flug en wegkruip in di bosse. O, ons het toen weer swaar gehad; Ons het fan di kaffers doodgeskiit, mar dit het net gemaak dat hulle elke dag meer worde.

Ons het toen 'n flot gemaak en in di nag langs di riffir afgesyl. Een plek was onse flot fas op di sand gespoel. Daar moes ons weer hard sukkel om hom los te kry.

Na ons net 'n maand weg was siin ons weer di sé, en was regtig bly. Ons moes hard sukkel om di flot an di kant te kry. Eindelijk sit ons onder 'n boom met sak en pak. Di flot gaan di sé in.

Hiir het ons nou weer meer plesier gehad as wat imand hom kan ferbeel.

Wildskuit, baai, fis fang ens, was mar di order fan di dag. Brink find di grootste fermaak in fo'els skuit. Een dag, gaan hy weer uit met di geweer op syn skouer, en was ni lang weg ni of ons hoor 'n skoot; 'n tweede volg, en oek 'n derde. Toen di derde skoot pas geval het hoor ons hom skré; ons gaan toen daarheen en kry fer hom besig om hom teen 'n leeu te ferdedig. Di leeu was swaar gekwes, mar nog sterk genoeg om 'n mens baas te raak.

Di geweer lê so'n end fan di twe af, en Jumpers gryp hom somar haastig en skuit di leeu dood; mar di stomme Brink was erg beseer.

Toen di leeu fal, toen fal hy oek flou.

Ons het hom toen huistoe gedra (want ons had toen al 'n soort fan 'n huisi wat ons fan takke gemaak het, an di strand), en hom daar so goed besorre as ons kon. Hy was amper dood fan di wonde; mar werd tog gou beter. Toen gaan ons weer op di ou manir an.

Skiit was onse grootste vermaak. Daar was gen sprake fan weer 'n faartuig te ferfaardig ni. Nou léwe ons mar so op di ferwagting, dat imand fan di jagters, wat so rondgaan, ons een dag op lyf sal loop. Of soms het ons oek al plan gemaak om mar daar te bly woon. Ons het gen gedagte dat 'n skip ons kon optel ni; want daar kom gen skippe in di pragtige baai ni; en oek gaan hulle mar fer fan di kant af ferby.

Toen ons juis ses maende so rond geslinger het met onse gedagtes omtrent onse tekonstige lot, sit ons

een dag langs onse huisi, en kyk hoe di wind woed op di onstunimige sé. Ons besluit toen om mar fer ons hiir ferder tuis te maak en mar in ons lot te berus; toen met eens di skerpe séman's oog fan Brink di mas van 'n skip siin uit kom op di sé.

Ons sit nog so'n rukki, toen sé hy: "Sy is in gevaar. Ek siin sy is van haar syle ontbloot."

Dit was al laat. Ons pak weer 'n vuur an, mar had gen verwagting ni. Hulle sal mar denk dit is 'n kaffers vuur.

Di morre toen ons opstaan, lê di skip ni vér van di kant af ni. Toen spring ons van blydschap. Hy drywe, en was dus ni gestrand ni. Ons pak ver ons in onse skuit (want ons het hom nou weer gan haal by di plek waar "Di Hollander" gestrand het, en syl so wat ons kan.

Ons kom op di skip en ken hom en di mense dadelik: Dit was di selde skip wat ons di eerste maal opgetel het.

Di mense ontvang ons so goed, as of ons hulle beste vrinde was.

Ek vra di eerste na di twe mysiis, wat same met ons was, en wat was di blydschap groot toen hulle sé: "Di jonge James is an boord." Ek het nooit imand met so feul freugde ontmoet, as di twe liwe mense ni. Hulle wen in 'n o'eblik alles weet fan ons reis en ferblyf, fan ons fan hulle af weg is.

Ons find nou uit dat di wind di skip hiirheen gedrywe het, en dat hulle onse rook nooit gesiin het ni. Ons help toen om alles wat gebreek en geskeur het an di skip heel te kry, en syl toen, nadat ons eers onse frindinne ons ferblyf gaar wys het, same met hulle na di Kaap toe.

Op pad moes ons net altyd fertel wat ons wederfaar het, en onse frindinne luister dan met gelag en trane deurmekaar.

Ons is nou al lank in di Kaapstad; mar elke aand praat ons nog fan di "Strandloper," "Di Vligende Hollander," Indië, en onse "plais" op di oos kus. Van di ander mense, wat o'ergebly het, toen di Strandloper regtig op di strand geloop het, het ons nooit weer niks gehoor ni.

Daggafontein,

B. J. WEPENER.

Brits Town, 27 Jan. 1896.

TUIGEN.

HET geëerd publiek gelieve kennis te nemen, dat ik nog zooals voorheen bereid ben

Tuigen van eenig soort Leder, netjes, goed, en tegen billijke prijzen uit te voeren. Eene proefneming zal de waarheid hiervan bevestigen.

M. D. GOBREGTS, Noorder Paarl.

Karools, di Wewenaar.

MYN vader had 'n Grikwa, syn naam was Karools. Hy het baing fan 'n sopi gehou. Elke Saterdag aand moes hy dorp toe, en as hy terug kom, dan loop hy twe rye spore, en dan maak hy rusi met syn vrou. Somtyds kry sy sla oek.

Een dag word syn frou siik en sterf. Karools was regte angedaan o'er syn frou. Myn fader sê an hom, dat hy tog nou di drank moet laat bly, mar dit was verniit. Myn fader fertel hom lat-r dat syn o'erlede frou an di dwaal was, en dat hy dus fersigtig moes wees om so laat fan di dorp af te kom. Mar Karools wil ni met syn gewoonte ophou ni.

Een aand is Karools weer na di dorp toe, en myn fader sê an my: "Fat 'n koolaken en gaan lê daar by di voetpad in di fly, en maak Karools bang." Ek gaan na di fly, en ek was pas daar, of ek hoor hom ankom, raas raas.

Ek maak 'n binnensmondse kreun, en hy steek fas en fra ferbarsteg: "Wi is dit?"—Toen sê ek binnensmonds: "Waarom leef jy met myn kinders so sleg?"

Karools fliig daar om en loop di fly in, en di eerste wat bly lê is di een skoen, en toen di bottel; want hy het gefal.

En so vêr as hy hard loop skré hy altoos: "ô, Neem di sondaars aan! ô, Neem di sondaars aan!"

Di follende morre fertel hy, dat hy gister aand syn o'erlede frou ontmoet het, en dat dit nou di laaste maal sal wees, dat hy in di donker sal loop.

Twé maande later fraag Karools an myn fader, om te gaan fry. Myn fader laat hom gaan, en toen hy terug kom was ek nuskirig om te weet hoe 'n mens fry, en ek fra an Karools: "Outa, hoe het dit met jou gegaan?" Hy sê: "Wel, duusman sê kind, jy fra in myn kara'ter, mar ek sal jou dit fertel. Op di plaas waar ek le ry het, is twé niggiis, en toen ek di werf le in kom, toen le staan sy mar daar. Di rooi pert le kan an di yster en myn oog le blits op di niggiis. Toen ek afklim sê hy se fader: "jelle moet 'n skaap slag fer di neef." En hy se moeder sê: "jelle le praat al dag fan 'n jonkman, mar dat is 'n jonkman."

"In di huis gekom, di ou mens le groet, en myn serp afgehaal, en 'n bitji na buite le loop. Ek hoor di een niggi sê: 'Ek wens dat ek so 'n rok het nes di neef sen serp.' Di ander sê: "Ek wens dat ek mar so een het." En toen het loop donker word, toen loop slaap di oufolk, en alby niggiis kom sit by my. Toen word myn oge so groot astwé borde. Ek sê: "galiifte niggiis, ek le seek na 'n frou."—Toen sê di ouste: "Omdat hy fan mama Doortji se friilde is, moet ek hom fat." Di jongsta sê: "Ek het altoos gehoor, dat mama sê, dat ek net fer 'n wewenaar go: d is." En om di rede fra ek toen di jongste een, en hy sê fer my: "Ja, et sê, mar dan moet jy dat ons more di ou folk le fra, om te loop trou." Froeg di morre

fraag ons di ou folk, en ankomde wek sal ons loop trou. Omdat ek haastig was, het ek di Predikant gesê: et sê, jy moet al dri gebooi, gelyk op sê."

Di end fan di week gaan Karools toen om te trou, en toen hy by di huis kom, fraag ek hom, dat hy my moet fertel, hoe dat alles afgeloop is. "Di, duusman se kind, jy bageer 'n dipe saak fan myn. Toen di Preekant amen le sê, toen word bruid en bruidegom, na di ou folk se huis gebreng om daar geluk te wens. Ai, duusman, ek sal le bly wees as dat so is as di ou folk fer ons le wens het. Myn oompi se wens was di lekkerste, want hy het le wens: "dat ons fendag heel fat brandewyn het." Myn tanta le wens: "dat sy dan daarfan baas moet wees." En myn neef le wens: "dat hy 'n gomlastiik pens moet hê."

Toen was al di gelukwens ferby en ons word geroep om te eet; mar, duusman se kind, daar le kom di groot draai! Want ek hoor net "di bruidegom moet de eerste spiits maak."

Ek dog: "wat het fer Karools gepla, dat hy onder di foorklas mense loop trou het."

"Ek sê toen: "Gé my eers 'n fol baker brandewyn." Toen di brapdewyn le trek, staan ek op en sê: "Geliifte gemeente fan di bruilof! ek wat Karools is, gevoel my fandag reg onbekwaam; want ek is ni gewend om spiitse te maak ni, maar wel om altoos o'er di maat dronk van di dorp af te kom, en dat is oek mar di beste, en ek wens dat al di gelol al op 'n end is, dat ek weer kan 'n bottel koop wat vol is; oek het ek te feul flys ge-eet, en sluit dus met myn spiits."

"Toen staan di skoonvader op en sê:—

"Manne broeders, dit is vandag fer my lekker om met 'n glas brandewyn in di hand te staan; want ferlede week het ek nog met ander fan ons manne gaan le blesbok skiit, en toen het mos daar ongeluk gekom; want fan ons agtermanne het mos fan ons foerste manne ge le brik skiit! en dat was fan ons feel beterste manne, fan mama Doortji sê soort.

"Ek fraag an di man: "Het se man, hoe het jy dan gemaak? Jy het mos le brik skiit;"—Het sê, ek hat self spyt, want dit is 'n feel beterste man; mar ek wil gaer het, en toen het ek gakoer. Ek denk fendag an Boomplaas, want daar het ons mos wat Grikwas is mos folriem gejaag, en wat ou rooies is het gelé rol, want di boer het mos fer ons uitgearle."

En toen is di bruilof afgeloop en ons is huis toe gekom.

Gesellige Tyfderdryf.

I.—Di Stokki: — — — —

II.—1 2 3 4 5 6 7 9 met 45 is:
55555555.—Met 63 is dit:
777777777; met 72 is dit:
888888888, en met 81 is dit:
999999999.—

III.—V. rimenigvuldig met 3 is dit : 111; met 6 kom dit uit op 222, en 9 op 333. Daarna 12345679 gedeel deur 37, kom uit op 333667.

Deur : PETRUS MARITS,
Gedenkschool.

'n *Diir* wat leef, mar sonder kop.

Op di raaisel fan *O. K.* in No. 4 skrywe G. D. K :—“'n Mens kan sin 'n kind speel graag met 'n *krap.*”

Mnr. C. L. de Jager, fan Fetfly, gé diselfde oplossing.

Wat gaan op syn kop by di kerkdeur in.
(Raaisel deur S. P. Roux, fan Dordrecht).

Nog 'n *Syfer-Raaisel.*

(Opgegé deur P. J. Buys).

Set di syfer 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9 in 'n raam met 9 ruite, in elke ruit 1 syfer, mar so dat di 3 cyfers wat agter makkaar in een zij staan altyd 15 uitmaak, hetsy jy fer hulle dwars of o'erlang of skuins optel. So moet di ruitjiis wees.



Rebus.—Ingestuur deur Mnr. J. G. Engela, Klerksdorp, Z. A. R.

	D	I	T	E
In Barber 2400 lb.	word	dit	W	R
	E	R		

so alarm—al + w, dat 'n mens byna kleere hou
raak van di itte + h.

Nuwe Raaisels,

opgegé deur C. L. de Jager.

1. Wi is foor syn fader gebore en foor syn fader gesterwe en in syn grootmoeder begrawe ?

[Ek het di raaisel anders gehoor : Wi is foor syn fader gebore, foor syn moeder gesterwe, en met syn grootmoeder getroud?—*O. K.*]

2. 'n Groene doos, 'n rooie roos, en 'n opslag-pan, en 'n winkel-steen.

NAAMRAAISEL.

Di letters gé di naam en woonplaas fan 'n Predikant.

Heb lief { 23, 8, 29, 21, 25, 4, 18, 19, 29.
17, 10, 5, 29, 24, 25, 23, 28, 4.
10, 15, 14, 9, 3, 16, 19, 23, 7, 2.

Nu'tige menschen.

9, 10, 25, 24, 19 —20, 5, 24,—1, 16, 19, 11, 10, 5,
25, 21, 15.

Heeft veel onheil veroorzaakt.

7, 18, 6, 24, 14, 10, 22.

Eens vermaning.

4, 12, 2, 26, 27, 21, 25 23, 15, 18, 28, 25; 20, 25, 10
12, 5, 25, 28, 8, 29.

WINTERRAAISEL.

Dubbele Bijbelraaisel.

'n Koning komerling.
'n Woord wat in Prediker drimaal voorkom.
'n Bekende persoon in Davids tyd.
Een fan di gemees tes waaran Paulus 'n brief geskrewe het.

Wi moes di Israélite fer geen gruwel hou.

Di olie is.....

'n Dissipelin wat feel goed gedoen het.

'n Persoon wat Paulus noem : Mijnen beminde.

Wat sekere weg word geeseg.

'n Seun fan Benjamin.

'n Koning fan di Moabiete.

'n Woord uit Nahum 2 : 10.

Di bynaam fan Zenas.

By di agterste teks kom nog di 36ste letter fan Genesis 1 : 1.

Wat is di meeste in di wêreld ?

En wat di minste ?

INGEZONDEN DEUR N. N.

OOM HENDRIK EN DI TIIR.

'N WARE GEBEURTENIS.

OOM Hendrik is di seun fan 'n oue foortrekker fan di Vrystaat. In di da'e fan myn ferhaal was hy nog 'n jongeling fan omtrent 19 jaar. Synfader was 'n ryke man fer di tyd. Hy had 'n 500 beeste en 3000 slaape, basters en Afrikaanders. Op 'n dag sê syn fader : “Hendrik, jy moet di bees gaan by mekaar maak.” Nou so gesê, so gudoen.
Oom Hendrik maak di bees bymekaar en kom trug. Nou dit was mar bergagtig langs di rifir, en daar

hoor hy honde blaf in 'n kloof. Daar was nog baing ongediurtes in di da'e, soos tiirs, wolwe en babejane.

So gaan hy di berg uit en siin 'n Kaffer staan. Hy kom by hom en fra: "Wat blaf di honde?"—"Dis diir,"—sê di kaffer. "Waar is hy?"—"Daar by di boom."

Oom Hendrik kyk en siin di tiir onder di kraansi in 'n oliwenboom lê. Hy sê: "Kom ons hom gooi, laat di honde hom kan fang."—"Né,"—sê di kaffer,—"diir hy sal fer ons sermaak."

Di kaffer het 'n kiri by hom, 'n korte kiritji met 'n grote knop, amper so groot soos 'n babetji se kop. Oom Hendrik fat di kire by di kaffer, en tel 'n paar klippe op. Toen hol di kaffer weg, en sê net: "jo, jo!"

Oom Hendrik goi di tiir, en di twéde of derde klip spring di tiir met 'n brul uit di boom uit, en di honde pak hom. Oom H. oek ni lings ni, hy spring di kraansi af, en by di honde, en gryp di tiir an di stêrt, en begin te slaan met di kiri op di tiir sen rug. Daar los di honde; hul word bang fer di sla'e.

Nou was dit 'n sryl fer lêwe en dood. Di tiir kyk om; syn oge is gras groen, en hy wys syn tande. Di gefaar om te los is nog groter as om te hou, en Oom H. slaan net so hard as hy kan. Dit kom toen te dik, en di tiir haal forentoe; mar oom H. trap fas, en lê mar in. Elke maal kyk di tiir om, en syn oge flin; mar di sla'e kom te hard, en hy haal forentoe.

Wel, dit kon ni te lank anhou ni. Oom H. was dood moeg. Mar nog 'n paar goeie houe, en hy foel di tiir ferswak. Hy slaan hom di heup innemekaar, en en hy los. Daar sleep di tiir syn a,terlyf, en hy sukkel om weg te kom op di voorlyf. Oom H. kuier daar rond om koel te worre; want dit was of hy and' brand was, en daarby het hy 'n onhoubare dors. Hij gaan toen na 'n fontyntji toe daar in di kloof, en was hom, en drink, en rus uit. Toen gaan hy weer an. Di tiir het toen ok koud geworre en kon niks meer doen ni. Met 'n paar grote klippi op syn kop was hy gou afgemak.

Oom H. begin te slag, om di fel te kry, en daar kom di Ma'oua Kaffer oek en sê net "jo, jo!" Hy help en hul slag di tiir af. Toen dit klaar is sê hy fer di kaffer: "Fat, laat ons di bloed afsknd." Di Ma'oua fat en skud af. Oom H. sê toen: "Los;" mar di Ma'oua hou. Om H. sê "los," en hy ruk. Di Ma'oua hou en ruk oek, en sê: "'s Mina honte gefang."

Oom H. is mar 'n bitji kort fas, en hy word kwaad, en ruk weer en sê: "Los, kaffer!"—Mar di Ma'oua hou, en ruk oek. En oom H. trap fas, en skop di kaffer op di kort-rib, dat hy soos 'n bisi innemekaar fou. Hy laat hom lê en gaan met di fel na syn pèrd, en huistoe.

Hy kom by di huis, en syn fader fra: "Hendrik, is di bees almal?"—"Ja, fader."—"En wat het jy daar?"—"Dis 'n tiirfel, fader."—"En waar kry jy dit?"—"Ek het hom dood semaal, fader."—"Waarne? jy het ni honde ni, en oek gen roer ni?"—"Fader, di kaffer sen honde het hom gefang, en ek het hom toen

an di stêrt gefat en dood geslaan met 'n kiri." "Jou fer dit en dats kind! hoe durf jy dit doen? As di tiir jon nou dood gebyt het?"—

En syn fader fat somar di handsambok, en w'l hom klink. Mar gelukkig was daar 'n Oom by en sê: "Né, broer, moeni di kind slaan ni! Hy het mos 'n kerdaat gedoen." Mar syn fader wil hom mar net fat. Mar met mooi praat het hy tog fry gekom, onder belofte om dit nooit weer te doen ni.

Di Ma'oua was 'n heel paar da'e krukkend fan di skop; mar moes oek mar stil bly, anders sal oubaas hom onder di kiri kry o'er hy weg gehol het.

Prysfrage.



Op di Prysfrage "Foor Honderd Jaar en Nou" het ek 4 insendings ontvang. Di fan Mr.

M. H. Nester het di prys gekry, en hy moet tog mar skrywe of hy dit wil hê in geld of in boeke. Ek gé syn gedig en oek di fan Mr. S. A. du Toit fan Strydenburg.

Met di Prysfrage fer 'n lys fan Afrikaanse woorde wat di Hollander ni gebruik ni het ek reg-reg gesiën dat ek daarom baing Nefis en Niggis het wat fer my wil help met ons taal. Wat denk julle hoeveul is ingekom? Ek wil dit amper fer 'n raaisel opgé. Mar né, julle sal tog mar almal te min raai. Daar is 27 lyste in met 19,888 woorde. Is dit ni fluks ni? En party jonge frinde skrywe: dis tog so jammer dat ons ni tyd gegé het tot na di fakansi ni; want hulle het tog oek so lus om wat fer hulle taal te doen, mar in di skooltyd moet hulle al te baing leer. En nou is di fakansi ferby, anders sou ek sê: hulle kan mar nog stuur. Dit was net 'n mooi werki fer hulle met di fakansi. Mar ek het so jammer fer hulle dat ek fer myn pa sal fra om fer hulle oek 'n kans te gé met Nuwejaars-fakansi. Di Woordeboek sal tog ni so gou klaar wees ni. En dan gé ons nog enige andere hoofde daarby op. Hiir folg nou di lysi fan insenders met elkeen syn getal woorde:—

- 1) 2224. ...Buys. Enkele Hollanse woorde by.
 - 2) 1340. J. J. Taljaard The Grange, Heidelberg, S. A. R. do.
 - 3) 1322. Jongejuffr. E. du Toit, Daljosfat, do.
 - 4) 1150. E. S. du Toit, Koopman, Barkly W. do.
 - 5) 1000. Willie Ma herbe, Normalschool, Kaap. do.
 - 6) 802. Percy Rex, Sorg fan Melt Marais, Pretoria enkele do.
 - 7) 945. J. M. Smit, Jr. Fraserburg, baing, do.
 - 8) 885. J. C. de Klerk, P. K. Daniëlskuil, do. do.
 - 9) 882. J. E. du Toit, Kweekwa, Pretoria W. do. do.
 - 10) 795. M. J. Cronjé, Sorg fan J. C. Cronjé, Lindley, O.V.S. baing do.
749. P. Marits, Gedenkskool, Dal, enkele do.

678. D. J. Conradie, Jagerskraal, Beaufort, W. baing do.
 665. Annie du Toit, Karoolspoort, P.K. Nauwpoort Stasi, enkele do.
 636. M. A. de Beer, Samenkomst, Reits, O.V.S. do. do.
 589. A. Henning, Burgersdorp, te feul, do.
 584. P. J. de Wet, N. sn. P.K. Limoenfountain, Al. N. enkele do.
 576. Jongejuffrou Martha Pienaar, Beaufort W. baing do.
 565. Jongejuffrou Johanna Henning, P.K. Knap daar, enkele do.
 536. Jongejuffrou Johanna Henning, P.K. Willems-riviir, te feul do.
 532. K. Malherbe, Staats-Myn-Engenieurs Kantoor, Pretoria, heel min do.
 468. Jongej. Anna Potgieter, Draai hoek, enkele do.
 419. D. G. v. d. Walt, P. K. Rayner, Burgersdorp, do. do.
 367. J. P. van Zijl, Drifontein, Barkly W., do. do.
 340. J. W. Pretorius, De Aar, dst. Vrijburg, do. do.
 285. J. A. du Plessis, Burgersdorp, do. do.
 274. Jongej. R. de Villiers, Waterval, Paarl, heel min. o.
 258. A. J. Dieprink, Gedenkschool, Dal, enkele do.

Di pryse is dus toegeken an di 10 bo'enste persone op di lys in di orde fan di syfers wat by hulle name staan; dis in 1 geval ni persuis na di *getal* woor e ni, mar hoewel Mnr. Rex minder woorde gestuur het kry hy tog di 6 de prys, want di wat pryse 7, 8 en 9 ontfang het wel meer woorde gestuur, maar daar was so baing Hollandse woorde by, dat na aftrek daarvan hulle tog minder suiwer Afrikaanse woorde het as hy. Di frinde moet nou mar skrywe of hulle di pryse in boeke of in geld of gedeeltelik in alby wil hé. As hulle dit in boeke wil hé sal ons op ansrek fer hulle 'n pryslys stuur.

Geselsery met ons Lesers.

Di frind wat ons di gedig van "Oom Gert en syn Graaf" stuur uit di Vrystaat skrywe daarby:—

Waarde oom,—By ons word "*Ons Klyntji*" met veul graagte gelees. Di een wil hom voor di ander hé. So lees ek dit gewoonlik hardop vir almal. Mar ek is pas klaar, of daar gaan hy. Party van myn swaars het oek al ingeteken, omdat hulle ni wil wag tot ek klaar is ni. Ons verlang al weer baing na Augustus syne. Mog hy gou groot worde en al 14 da'e verskyn is ons aller wens.

'n Friend fan Graaff-Reinet skrywe: "Kyk hiir, frind, ek het klagte teen ons boeti. In di nommer fan Juni het hy net lelik gepraat, in di stori fan Jak-

hals en Wolf. Onder andere kom di woord *teef* daarin. Dis tog ni mooi fer 'n kind om so te praat ni. Leer ons boeti om mooi te praat, dan sal hy groei."

Ons Klyntji syn pa het hom foor stok gehad, mar hy ferededig hom so goed, dat hy sonder knor los gekom het. Hy fra: "Pa, mar is 'n wyfi-jakhals dan ni 'n *teef* ni? Di Jakhals hoort tot di honde-geslag en ons praat altyd van 'n *teef*-hond. Moet ek dan se *Missis*? Dis tog so'n lelike Engelse woord. Of *Madam*, dis weer so'n fiferige Franse woord. Of *Juffer*, dis weer so'n onsmakelike Hollandse woord. *Teef* is suiwer Afrikaans, en jakhalse en wolwe gesels mos so." So het *Ons Klyntji* fer hom fry geptyt. Hy moet nog een dag ons Advokaat worde.

Constant en Berdina is 'n ou gedig wat vroeger in di *Patriot* geplaas en oek in ons gedigte boekiis opgeneem is. Ons kan dit dus ni weer in *Ons Klyntji* druk ni.

Di Bybelboeke op rym is net so, in *Patriot* en gedigte boekiis te vii.de. Gaat nou snippermantji toc.

'n Paskwil uit Grikwaland Wes op 'n paar wat ni lank gelede getroud is, en waarin geseg word dat di jonkman oer di tou getrap het; di nooi mar bly was om te fat wat sy kan kry, daar haar hare al grys word; waarin fan ongenooide gaste op di bruilof gepraat en dansery en kerkeraad bygesleep word, mag ons tog o: molik ni plaas ni.

'n Frind fan Vereeniging stuur ons 'n liid op *Dun en Anni*. Mar dis ni oorspronkelyk ni; d t was al froeger in di *Patriot*. Ons het ni eens plek fer al di o rspronkelyke stukke wat ons kry ni; dit sou dus ni reg wees om stukke op te neem wat al frager gepubliseer is en nou weer afgeskrywe worde ni.

'n Jonge frind fan Strydenburg kan ni genoeg syn blydskap o'er *Ons Klyntji* uitdruk ni. Fer syn hele briif het ons gen plek ni, net mar 'n paar sinne: "As di *Patriot* ni na syn lyf kyk ni, dan draag di *Klyntji* net nou diselfde nommer klere as hy, want hy dra nou al ni meer jurkiis ni, hy dra broek en batji...As hy hiir kom, dan fat ek hom di aand by my op di bed en s'aap ni foor hy eers deurlees is ni. Hiir in ons dorpi is oek net baing niggiis en neeffiis wat fer hom liif het."

Een fan ons wakkerste krantdrukkery skrywe o.a.:— "Herinner assebliif julle nitgewers dat hulle myn ruilnommer fan *Ons Klyntji* ni moet fergeet ni.

Ek stel baing belang in di *Koningin fan Skoba*, en myn klynspan ferslint gretig di Wolf en Jakhals en dergelyke storiis. Dis werkelik 'n klyntji wat léwe in sit en hy moet al te seker fluks opgang maak."

'n Onbekende frind fan Kroonstad, O.V.S. skrywe o.a.:— "Ek is oek intekenaar op *Ons Klyntji*. Hartelike dank daarvoor. Dis fer my 'n heerlike werk om dit te lees. Ek ferneem altyd of myn *Klyntji* al weer gekom het. Ek het hom lief, want ek is self 'n Afrikaner. Mar myn Nasionalityt was al amper dood, mar fan ek nou myn Broer alle maande kry, leef myn hart weer, en ek is fer land en folk, om di Afrikaanse taal te laat hoor. Ek leer dit nog dageliks."

Ons Klyntji wil syn baing frinde hartelik bedank, ni alleen om hulle hom so frindelik ontfang en lees ni, mar oek om hulle so fluks skrywe. Mar daar lê nou sofeul al, as dit alles moet geplaas worde, dan is daar stof genceg tot di end fan di jaar. Dit sê hy ni om syn frinde af te skrik dat hulle ni meer moet skrywe ni, mar om fer hulle te laat ferstaan dat hulle onmolek ni kan ferweg dat alles dadelik moet geplaas worde ni. Hulle moet mar stuur, myn pa sal di beste stukke altyd uitsoek om te plaas. Hoe groter di foorraad is, hoe meer kans hy het om di beste stukke altyd uit te soek, en hoe lekkerder *almal* dan kan lees.

Party frinde stuur nog dire-storiis. Fer di prysfraag is dit nou al te laat. Mar dis daarom welkom. Ons fersamel en berg dit en sal fan tyd tot tyd enkele daarfan plaas, na ons ruimte toelaat.

Margaretha Strydom, fan Adreskraal, Prins Albert, stuur ons 'n gedig: "Oom Krisjan se Klyntji 's oek weg," op diselfde trant soos "Oom Wessel syn Klyntji 's ferloor." Ons het nou ni ruimte om dit op te neem ni. Mar as frinde altemit hulle Klyntji ni kry ni, moet hulle mar dadelik an ons skrywe; ons stuur dit gereeld, dan moet daar 'n abuis met di pos wees, en ons sal dit ondersoek. Dit lyk, *Ons Klyntji* gesels so lekker, dat hulle hom op pa ty plekke foorkeer, sodat hy ni syn bestemming beryk ni.

Di gedig "Hoe *Ons Klyntji* an di Gedenkskool ontfang is" deur C. A. Loots, is ontfang, mar daar was nog gen kans om dit te plaas ni.

Myn frind, H. J. Kriel, fan Bethlehem, O. V. S. skrywe 'n ferdediging fan letter s teeno'er letter z, op diselfde manier soos letter f sig ferdedig het teeno'er v. Mar dis ni nodig om dit te plaas ni, letter s het al gewen.

Myn frind J. B. Babie, fan New Bethesda, stuur oek di stori fan Jakhals en Krap, mar di is al geplaas.

Myn frind P. Troskie, fan Cradock, doen enige frage omtrent di lys fan Afrikaanse woords. Mar di briif is te laat ontfang om nog betyds daarop te antwoorde. Jammer dat hy ni mar ingestuur het di woorde wat hy het ni. Hy kan mar nog stuur, en andere frinde oek; al is dit ni fer di prys ni, dis tog goed fer ons woordeboek, daarby sal ons dit gebruik.

Myn frind F. J. Lotz, Jr., fan Paardekop, S. A. R. skrywe oek daaro'er dat party skrywers woorde gebruik in hulle stukke wat hy ni passelik beskou fer ons kinders om te lees ni. Baing anstotelike woorde is reeds uitgehaal. Ek hoop myn medewerkers sal daarop let.

Myn frind, G. du Toit, fan Willington, bedank fer di pragtige fersame'ing Hollanse gedigte wat hy as prys gekry het, en spreek di wens uit dat ons gou so'n fersameling fan *Afrikaanse* gedigte oek mag hê. Mar ons het al 4 fersamelinge Afrikaanse Gedigte uitgegê, en 'n Bloemlesing daarby, en daar kom meer gedigte in as ek kan opneem. Di frinde moet mar perbeer om goeie gedig'e te stuur.

Myn frind J. D. Lessing, fan Bethulie, stuur 'n bedenking op rym an myn frinde wat fer my di jurki persent gegê het. Ek is hom net so dankbaar as di frinde fer hulle goeie gesindhyd en daarom wil ek hulle sofeul molik di beste leesstof gê wat ek kan.

Myn frind J. P. v. d. Walt het di prysfraag gesiën "Foor honderd Jaar en Nou" en stuur 'n proef mar dis in prosa en dit moes op rym wees.

Myn frind, S. du Toit, fan Strydenburg, fat dit weer op fer letter V in 'n gedig. Molik kry ek later plek om dit in te set, mar di slag ni.

"Ons Klyntji"

IS nou al 8 maande oud; en is fan di 4de nom. af nog altyd 8 bladsye groter as di 3 eerste nommers. Di prys, 4s. per jaar, is dus ongetwyfeld *goedkoop*; daarom is dit dan oek ni meer as billik dat dit, soos alle Krante en Tydskrifte, follens algemeene regel, *fooruit* betaal word. Ons reken daarop dat ni een Intekenaar "*Ons Klyntji*" met di rys-geld sal teleurstel ni, en fertrou dus, dat di wat nog *AGTER-STAILIG* is, nou tog *DADELIK* sal opbetaal, daar "*Ons Klyntji*" anders fer hulle ni meer sal besoek ni.

Agente wat ons 12 of meer Intekenaars stuur met di intekenings geld, kry fer di jaar "O. K." ferniit.

Met betaling tog sekuur en duidelik opgê di name en adresse fan di Intekenaars fer wi di geld bedoel is, Posse'els fan di naburige State, en Transvaalse geld, kan ons hiir ni gebruik ni. Dus so min as mogelijk daarmê betaal. Poswissels is di sekuurste betaalmiddel.

Nuwe Intekenaars moet tog hulle adresse sekuur en duidelik opgê an

Di Uitgewers,

D. F. DU TOIT & Co., BEPERKT,
Paarl.

Raad an "Ons Klyntji."


Ons Klyntji, jy was laas net amusant,
 Jy word geprys oek deur 'n predikant.
 Met blydschap sien ik jou so fininig klim;
 Dis reg, jong, hou jou oek mar baja slim.
 Mat waarom praat jy dan nou growwe taal?
 Jy moet jou reputasi ni laat daal.
 'August' sê jy bring jou nou an di lig;
 "Augustus" agtiin ses en ne'entig.—
 So skryf en praat jou faders allemaal.
 Latyn is dit en ni fan Hollands taal.
 Dit spyt my jou 'n biki nou te pak,
 Mar jy word al fer my net baja mak.
 Laas het jou oupa al o'er jon gekla,
 En nou wys ik jou weer op jou "outa."
 "Ferduiwels mooi" begin jy nou te sê;
 Is dit nou goed fan jou, fertel my, hê?
 Jy sê miskiin, jy laat 'n hotnot praat,
 Mar luister effe na myn goeie raad.
 Lees 'k in geselskap voor jou "Platji" stuk,
 Dan maak ik plan "verduiwels" uit te ruk.
 "Man, stee't hom met di jiswoord"—dit is goed;
 Nou lag ik fan myn kop tot an myn voet.
 Kyk, jy is jong en nog mar baja klyn,
 Nou wys ik jou mar net di regte lyn.
 Kom, wees nou goed en neem gen anstoot, hoor!
 Myn plan is oek ni om jou stem te smoor.
 Jy moet mar oplet op jou woorde-lys.
 En wees ni kwaad dat ik jou reg wil wys.

J. DU P.

[As ek ni 'n flukse kerel word ni, dan is dit ferfas myd yge skuld; want ek het so baing falers en nog meer meesters! As hulle nou ni mar fer my in di war bring ni! Di een sê: "skryf soos jy praat," di ander sê weer: "Skryf Augustus al sê jy August, want dis Latyn." Mar gen een fan myn faders of foogde het nog fer my gesê dat ek net woorde uit Hollans afkomstig moet skrywe soos ek praat ni. Dan sal ek di jis-woord oek moet skrywe "yes."—En wat gangbaarhyd fan nitdrukkings anzaan, ek mag jonger wees as party fan myn meesters, mar ek was seker al meer di wêreld deur as een fan hulle, en ek het al goed opgelet, woorde wat op een plek gangbaar is in di beste geselskap word op andere plekke fer grof gehou. Myn skoolmeesters moet tog biki dink oek, ek is fer di hêle land. Mar ek is dankbaar fer elke les.—O.K.]

DI AFRIKAANSE ALMANAK ver 1896 bevat 'n grote verskeidenheid nuttige leesstof en opgawe, burgerlik van di h l, Suid Afrika, en al di Hollanse kerke, en dan oek vyf portrette nam. di Kaapse Parlementsuis, Pres. Reitz, Pres. Kruger Sir H. Robinson, di Woonhuis op di Gedenkskool Plaas. Dit alles ver 9d. stuk; dis spotkoop.—D. F. du Toit & Co Beperk, Drukkers en Uitgewers, Paarl.

Wat is dit? 'n Perd of 'n Spook?

 Om di jonge iesers goed te laat verstaan sal ek begin by di begin. Ek had 'n oom Dawi. Hy was 'n man klyn van persoon, mar groot van hart, net soos Koning David. Hy was oek 'n ware gristen, en ware bybelsman. Oom Dawi had meer boeke as Koning Dawid vrouens had; mar di Bybel was syn boek der boeken. Oom Dawi was ver niks bang ni. As dit donker is, is hy net so gerus as in di dag; want hy glo niks van spokery ni. As jy met hom van spokery of toordery praat, is hy sommar kwaad. Oom Dawi wou oek ni glo dat di aarde draai ni. Al seg 'n Predikant hom dit dat di aarde draai om di son, dan seg oom Dawi: "di Predikant is o'er half liberaal."
 Nou ja, nou ken di lesers myn Oompi oek. Nou sal ek vertel hoe dit een morre met oom Dawi gegaan het: hoe di ding ver hom gejaag het. Dit was in di wintir. Dit was ploegtyd Maandag morre. Ons moes inspan, nog lank voor da: Ek moet sê, dit was vreeselik donker; mar ons moet land toe met 3 span pèrde, 2 ploege en 'n eg. Mar di pèrde moet eers water kry. Wel, ek het 'n plan om te ry; daarom neem ek mar 1 pèrd om te gaan wat r gé. Nou ja, nou is ek oek eerste met Robbi by di tuige. Myn vader staan toen net in di pakkamer syn deur met lantern;—Kêrs.

Pa seg an my: "Span in di pèrd; ek sal di tome breng;" want di tome was nog in di pakkamer. Mar wat, Robbi wil ni eers kom tot by di tuig ni. Pa kom by en seg: "Gé di perd huur, jou bog! Wi is hy, wat net eers 'n toom moet an kry?" Pa tel di tuig op; trek hom nader; gé hom 'n hou met di toom in syn liis. Ai! ek hoor net "Gor! ports!" en Robbi was in di tuig, en los, en daar gaan hy met 4 tuige pad af!

Ja, nou kom Oom Dawi syn beurt; want hy kom net oiselfde pad, wat Robbi gaan. En dit is soos 'n pot wat 'n eksel op is. Oom Dawi sit op 'n grote swarte pèrd; syn naam is oek Robbert. Mar hy is so wys as 'n kolmol. Ja, Robbert begin syn ore te trek. Hy hoor iits, en spring om; mar Oom Dawi hou vas. Hy wil siin wat dit is. Mar dit is so 'n nare ding, en so 'n nare geluid.

Ver di eerst maal word myn oom oek nou bang. Hy gé oek di teuwels, ja hy slaan oek al. Mar wat? di nare ding kom al nader. Oom Dawi voor, di nare ding agter. Toen di spook ver Robbert in loop, spring hy uit di pad uit! mar di spook hou pad langs. Nou kom oom D. weer an. Toen hy by di huis kom seg hy ver Pa: "Broer, ek het van morre 'n nare ding ontmoet."—Pa vra: "Wat dan, broer?"—" 'n Spook, wat di derms uithang."—Pa seg: "Dit is di pèrd met di tuige." Mar oom D. wou dit ni glo ni. Dit was ver oom Rooi Kil 'n alte mooi stuk; want hulle 2 het altyd gestry o'er spokery en o'er wêreld draai.

L. P. MOLLER.

MOOI GOED.

NIEUWE BEZENDING PAS ONTPAKT.

AAN de Paarl'sche Drukkerij is nu verkrijgbaar een Prachtige Voorraad allerlei Mooie en Nuttige Goederen, zooals:—

ALBUMS,

Allerlei Grootten en Prijzen, naar den Smaak en de Zak van iedereen.

INKT STAANDERS,

Allermooist; Billijk in Prijs.

BRIEVEN SCHAALTJES,

Zeer Nuttig; dan behoeven uwe Vrienden geene Boete te betalen op uwe Brieven.

SCHAAK- EN DAMBORDEN,

Goed voor de Lange Winteravonden.

HET PAARDEN WEDREN-SPEL,

Een Amusante Affaire.

VERFDOOSJES,

BEURSJES,

Sterk, Mooi en Goedkoop.

TEEKENBOEKEN.

GEBOORTEDAG BOEKEN.

SCHRIJFPAPIER EN ENVELOPES,
Sommige in Fraaie Ruikende
Doosjes.

PRENTJES

Om in Boeken te plakken.

POTLOOD DOOSJES, ENZ.,

Voor Schoolkinderen.

LETTERINKT.

TEKSTKAARTEN,

Allerfraaist; Groot en Klein; allerlei Soorten en Patronen; zoodat men haast niet weet wat uit te kiezen.

Sommigen zijn in ALLERLIEFSTE "IVORINE" LIJSTJES.

Het is de moeite waard deze Collectie te zien.

En de PRIJZEN? Ach, SPOT-KOOP!!

NIEUWE TESTAMENTEN

Van af 2d. 't stuk.

BIJBELS van af 1s.

HOLLANDSCHE BOEKEN,

Godsdienstige Boeken;

Storie Boeken;

Geschiedenissen;

Preekboeken;

Net wat men wil hebben!!!

D. F. du Toit & Co.,

BEPERKT,

DRUKKERS EN UITGEVERS,

PAARL.

“**Ons Klyntji.**”

ENIGSTE

AFRIKAANSE TYDSKRIF

VER

oud en jong.

4/- PER JAAR.



“**Ons Klyntji**”

BEVAT

Afrikaans Verhale,
Gedigte,

Diistoriis,

Raisels vor Kinders,

Mooie Prente.

4/- PER JAAR.

“**ONS KLYNTJ**”

BEVAT

“**Di Koningin van Skeba**”: 'n Historise Roman, wat nou al belangrik is, mar waarin later sal verhaal worde hoe di Koningin van Skeba in Sambia gereger, by Salomo gaan kuier het, ens., ens.

“**Ja ob Plattj**”: Sketse uit di lewe van di Boesmans en Hotnots, deur 'n landmeter.

“**Praatjies o'er di Natuur**”, waarin vertel word van Son, Maan, Sterre, ens.

“**Sketse uit ons Volkskarakter**”, — “**Diistoriis**”, — **Gedigte**, — **Afrikaanse Storiis**, ens., ens.

ADVERTENSIIS word billik geplaas.

PRIJS:

3/- per Duim, Enk. Kol., 1ste maal. | 1/6 per Duim, Enk. Kol., 3de maal.
2/- do., do., 2de do. | Staannde Advertisiis 15/- per Duim per Jaar.

D. F. DU TOIT & CO., BEPERKT,
DRUKKERS EN UITGEWERS.